VERBORGE GEBREKE:

GISTER, VANDAG EN MÔRE

deur

Eileen Visser

Ingedien ter vervulling van die vereistes vir die graad

LLM

In die

Fakulteit Regsgeleerdheid,

Universiteit van Pretoria

Datum:

Oktober 2013

Skripsieleier: Professor DJ Lötz

© University of Pretoria

OPSOMMING

Die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 is verreikend, ambisieus en die heel eerste van sy soort in die Republiek van Suid-Afrika. Voor en selfs nou ná die inwerktreding van die Wet op Verbruikersbeskerming laat die Wet menigte regskenners kop krap.

Die bespreking fokus op die invloed van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 op die gemeenregtelike waarborg teen verborge gebreke en die gemeenregtelike remedies tot die koper se beskikking waar die waarborg nie nagekom word nie. Die verbruiker se regte op veilige, goeie gehalte goedere ingevolge artikel 55 sowel as die versweë waarborg van gehalte ingevole artikel 56 word bespreek. Die voortbestaan van voetstootsklousules ingevolge die Wet word bespreek asook die posisie in die Engelse reg rakende verborge gebreke.

© University of Pretoria

SUMMARY

The Consumer Protection Act 68 of 2008 is far-reaching, ambitious and the first of its kind in the Republic of South Africa. Before and even after the Act has come into force it still has many jurists scratching heads.

The focus of this discussion will be on the effects of the Consumer Protection Act on the common law warranty against latent defects given by the seller as well as the effect of the Consumer Protection Act on the exclusion of the seller's warranty in terms of a voetstoots clause. The consumer's right to fair value, goods quality and safety (section 55) as well as the consumer's implied warrant of quality (section 56) is discussed. The position as it stands in terms of English Law is also discussed with regards to latent defects.

© University of Pretoria

Inhoudsopgawe

Bladsynommer

Hoofstuk 1: Inleiding

1.1 Algemene agtergrond 1

1.2 Probleemstelling en grondslag van hierdie studie 1

Hoofstuk 2: Metodologie 3

Hoofstuk 3: Verborge gebreke en die gemeenregtelike grondslag daarvan

3.1. Inleiding 4

3.2. Die Romeinse reg 4

3.2.1 Die aediliese edik 5

3.2.1.1 Oorsprong 5

3.2.1.2 Inhoud 6

3.2.1.3 Remedies 8

3.3. Die Romeins-Hollandse reg 10

3.3.1 Inleiding 10

3.3.2 Bepalings deur die Hollandse juriste 11

3.3.2.1 Simon van Leeuwen 11

3.3.2.2 Johannes Voet 11

3.3.3 Remedies 12

3.3.3.1 *Actio empti* 12

3.3.3.2 Aediliese aksies 13

3.4. Gevolgtrekking 13

© University of Pretoria

Hoofstuk 4: Verborge gebreke en die gemeenregtelike ontwikkeling daarvan

4.1. Inleiding 16

4.2. Regspraak 16

4.2.1 Algemeen 17

4.2.2 *Glaston House (Pty) Ltd v Inag (Pty) Ltd* 17

4.2.3 *Ornelas v Andrew's Café and Another* 19

4.2.4 *Van Nieuwkerk v McCrae* 19

4.2.5 *Odendaal v Ferraris* 20

4.2.6 *Freddy Hirsch Group Pty (Ltd) v Chickenland (Pty) Ltd* 22

4.3. Gevolgtrekking 22

Hoofstuk 5: Remedies en verwere kragtens die gemenereg

5.1. Inleiding 25

5.2. Die voetstootsklousule 25

5.3. Remedies 26

5.3.1 Algemeen 26

5.3.2 *Actio empti* 28

5.3.3 Die aediliese aksies 30

5.3.3.1 Actio redhibitoria 30

5.3.3.2 Actio quanti minoris 33

5.4. Verwere 34

5.4.1 Die *exceptio redhibitoria* 34

5.4.2 Die *exceptio quanti minoris* 34

5.5. Aanspreeklikheid uitgesluit 35

© University of Pretoria

5.5.1 Waar die gebrek nie ten tye van kontraksluiting bestaan het nie 35

5.5.2 Voor vervulling van ‘n opskortende voorwaarde 35

5.5.3 Waar die koper bewus is van die gebrek 36

5.5.4 Waar die koper regtens van die gebrek moes geweet het 36

5.5.5 Waar die verkoper se aanspreeklikheid deur ooreenkoms uitgesluit is 37

5.5.6 Waar die saak vir ‘n nominale prys verkoop is 37

5.5.7 By geregtelike verkopings 37

5.5.8 Waar die gebrek herstel is 37

5.5.9 Waar die aksies verjaar het 38

5.6. Gevolgtrekking 38

Hoofstuk 6: Verborge gebreke ingevolge die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008

6.1. Inleiding 41

6.2. Toepassingsgebied van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 42

6.3. Invloed van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 op die gemeenregtelike remedies 44

6.3.1 Definisie van “gebrek” kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 44

6.3.2 Artikel 55: Die reg op veilige en goeie-kwaliteit goedere 45

6.3.3 Artikel 56: Die versweë waarborg van kwaliteit 48

6.4. Die voetstootsklousule kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 49

6.4.1 Argument ten gunste van die behoud van die voetstootsklousule 50

© University of Pretoria

6.4.2 Argument teen die behoud van die voetstootsklousule 51

6.5. Gevolgtrekking 54

Hoofstuk 7: Remedies en verwere kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008

7.1 Inleiding 56

7.2 Remedies kragtens artikel 56 56

7.3 Aanspreeklikheid vir skadevergoeding veroorsaak deur gebrekkige goedere 58

7.4 Invloed van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 op die gemeenregtelike remedies 60

7.5 Verweer vir defektiewe of gebrekkige goedere kragtens artikel 55(6) 62

7.6 Verweer teen aanspreeklikheid vir skadevergoeding veroorsaak deur gebrekkige goedere kragtens artikel 61(4) 62

7.7 Gevolgtrekking 63

Hoofstuk 8: Engelse Reg

8.1. Inleiding 65

8.2. Aanspreeklikheid vir verborge gebreke in die Engelse reg 65

8.2.1 Wetgewing rakende die verkoop van goedere 66

8.2.2.1 *The Sale of Goods Act*, 1979 66

8.2.2.2 *Consumer Protection Act*, 1987 73

8.2.3 Gemeenregtelike aksie vir deliktuele skadevergoeding 74

8.3. Gevolgtrekking 75

Hoofstuk 9: Gevolgtrekking 78

© University of Pretoria

HOOFSTUK 1:

INLEIDING

1.1 Algemene agtergrond

Die reg beskerm verbruikers al vir eeue.[1] Met die inwerktreding van die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 (hierna genoem "die Wet") op 31 Maart 2011 blyk dit dat die verbruiker nóg meer beskerming geniet.

Oor die eeue heen het die sogenaamde voetstootsklousule die verkoper beskerm teen gebreke in die koopsaak. Met inwerktreding van die Wet het dit radikale veranderinge teweeg gebring vir die verkoper. Artikels 51, 55 en 56 van die Wet bepaal dat goedere wat verkoop word (natuurlik slegs onder sekere omstandighede soos later sal blyk in hierdie studie), vry van *enige* gebrek moet wees en nie net gebreke wat nie met die blote oog sigbaar is nie. Dié situasie is heel anders as wat ons Romeinse voorgangers in gedagte gehad het.

Hierdié Wet is beslis verreikend, ambisieus en die heel eerste van sy soort in die Republiek van Suid-Afrika.[2] Hoofstuk 2 Deel H van die Wet beskerm die verbruiker se reg op billike waarde, goeie gehalte en veiligheid. Dit is hierdie hoofstuk veral wat verskeie regsgleerdes laat kop krap, en wat aanleiding gegee het tot hierdie studie.

1.2 Probleemstelling en grondslag van hierdie studie

Die Wet skep verskeie regte vir die verbruiker, en plaas beswarende verpligtinge op die verskaffer. Tot 'n sekere mate stem hierdie regte en verpligtinge ooreen met, en tot 'n mate verskil dit aansienlik met die gemeenregtelike kontraktereg, en meer relevant tot hierdie

[1] Du Preez ML *The Consumer Protection Bill: A few preliminary comments* 2009 TSAR 58-83 58.
[2] *Ibid*.

© University of Pretoria

studie met die verpligting om te waarborg teen verborge gebreke. Die grondslag van hierdie studie is om ondersoek in te stel na die mate waarin die die verkoper se gemeenregtelike verpligtinge met dié verpligtinge opgelê in die Wet ooreenstem.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 2:

METODOLOGIE

Die struktuur van hierdie studie word ontleed in nege hoofstukke, welke hoofstukke uit die volgende bestaan:

- In hoofstuk 3 word die gemeenregtelike grondslag kragtens die Romeinse en Hollandse reg uiteengesit;
- In hoofstuk 4 word die gemeenregtlike ontwikkeling van verborge gebreke ontleed deur verwysing na Suid-Afrikaanse regspraak;
- In hoofstuk 5 word die remedies en verwere kragtens die gemenereg met betrekking tot verborge gebreke bespreek;
- In hoofstuk 6 word die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 se impak op verborge gebreke bespreek;
- In hoofstuk 7 word die remedies en verwere uiteengesit wat tot die verbruiker en verskaffer se beskikking is kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008;
- In hoofstuk 8 word verborge gebreke kragtens die Engelse reg bespreek waarna ‘n algemene gevolgtrekking in hoofstuk 9 volg.

© University of Pretoria

UNIVERSITEIT VAN PRETORIA
UNIVERSITY OF PRETORIA
YUNIBESITHI YA PRETORIA

HOOFSTUK 3:

VERBORGE GEBREKE EN DIE GEMEENREGTELIKE GRONDSLAG DAARVAN

3.1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse reg is op die Romeins-Hollandse reg[3] gefundeer. Deur regspraak, wetgewende bepalings en die invloed van Engelse wetgewing is die Suid-Afrikaanse reg verder aangevul en verryk.[4] Ons gemeenregtelike grondslag is dus gebaseer op twee regstelsels, naamlik die Romeinse reg en die oud-Hollandse reg.

Ingevolge die gemenereg het die verkoper hoofsaaklik vier verpligtinge, naamlik om die koopsaak te bewaar, eiendomsreg te verskaf en om die koper teen uitwinning en verborge gebreke te waarborg.[5]

Die gemeenregtelike verpligting van die koper om die verkoper teen verborge gebreke[6] te waarborg word vervolgens onder die loep geneem.

3.2. Die Romeinse reg

Justinianus[7] wou orde in die regswetenskap skep en sodoende is die Romeinse reg in sy geheel gekodifiseer, sodat daar een finale en primêre bron van die reg kon wees wat die antwoorde op alle regsvrae kon bied.[8] Hierdie kodifikase staan bekend as die *Corpus Iuris*

[3] Mostert et al *Die Koopkontrak* 1972 4; Ook bekend as die gemenereg.
[4] Joubert *General Principles of the Law of Contract* 1987 1-3.
[5] Du Plessis P *Borkowski's Textbook on Roman Law* 4de uitgawe 268.
[6] Kahn et al *Principles of the Law of Sale & Lease* 1998 24; 'n Gebrek is 'n abnormale eienskap in die saak wat die nuttigheid of bruikbaarheid daarvan aantas.
[7] Borkowski A *Textbook on Roman Law* 2de uitgawe 3; 527–565 nC. Hy het as keiser in Byzantium regeer vanaf 527-565 nC.
[8] Borkowski 3.

© University of Pretoria

Civilis. Die *Corpus Iuris Civilis* bestaan uit vier dele, naamlik die *Institutiones*,[9] die *Digesta*,[10] die *Codex*[11] en die *Novellae*.[12]

Die *Digesta* is die grootste en belangrikste gedeelte in die *Corpus Iuris Civilis*.[13] Boek 21 in die *Digesta* handel oor die aediliese edik en bevat belangrike bepalings rakende verborge gebreke. Die Romeinse jursite het die bepalings van die aediliese edikte ontwikkel en uitgebrei.[14] Die aediliese edik sal vervolgens bespreek word.

3.2.1 Die aediliese edik

3.2.1.1 Oorsprong

Die *curule aediles*[15] het twee edikte uitgevaardig. Die eerste edik[16] is uitgevaardig om die verkope van slawe te reguleer[17] en is later uitgebrei in die tweede edik[18] om die verkoop van alle lewende hawe in te sluit.[19] Skrywers is van mening dat die edik om die verkoop van slawe te reguleer neergelê is weens slawehandelaars se reputasie van oneerlikheid en bedrieglikheid.[20] Die koper van slawe was remedieloos en klagtes is gelê by die *curule aediles*, wat gelei het tot die instelling van die edik.[21]

---

[9] Jolowicz HF *Roman Foundations of Modern Law* 1978 1; Die *Institutiones* is ‘n leerboek vir regstudente, wat die reg op ‘n eenvoudige manier uiteensit.
[10] *Ibid*; Die *Digesta* is ‘n kodifikasie van verskeie juriste se menings en geskrifte.
[11] *Ibid*; Die *Codex* is ‘n samevatting van bestaande wetgewing.
[12] *Ibid*; Die *Novellea* bevat nuwe wette van Justinianus, wat hy afgekondig het na die totstandkoming van die *Codex*.
[13] Borkowski A *Textbook on Roman Law* 2de uitgawe 56.
[14] *Van der Merwe v Meades* 1991 (2) SA 1 (A) 4.
[15] Thomas PhJ et al *Historical Foundations of South African Private Law* 2de uitgawe 338; Die *curule aediles* is magistrate wat vir die eerste keer aangestel is in 367 nC. Hul funksie was om oor die markverkeer toesig te hou en beheer. Hul was by magte om edikte uit te vaardig.
[16] Soos blyk uit D 21.1.1.1.
[17] Daube D *Studies in the Roman Law of Sale* 1959 116.
[18] Soos blyk uit D 21.1.38.5.
[19] Buckland WW *A Text-Book of Roman Law* 1968 491.
[20] Buckland 491; Daube 116; Zimmermann *The Law of Obligations: Roman Foundations of the Civilian Tradition* 1990 311.
[21] Daube 116.

© University of Pretoria

3.2.1.2 Inhoud

Die aediliese edik is van toepassing op alle onroerende en roerende sake asook daardie sake wat lewendig is. Ulpianus[22] merk dat:[23] "Labeo writes that the edict of the *curule aediles* concerns the sales of things immovable as much as of those movable or animate".[24]

Die verkoper was verplig om sekere gebreke bekend te maak en as dit nie bekend gemaak is nie, het die koper 'n remedie.[25] Die *aediles* merk dat:[26]

> "Those who sell slaves are to apprise purchasers of any disease or defect in their wares and whether a given slave is a runaway,loiterer on errands, or still subject to noxal liability; all these matters they must proclaim in due manner when the slaves are sold. If a slave be sold without compliance with this regulation or contrary to what has been said or promised in respect of him at the time of his sale, it is for us to declare what is due in respect of him; we will grant to the purchaser and to all other interested parties an action for rescission[27] in respect of the slave ... In addition, we will grant the action if it be alleged that a slave has been sold, with deliberate wrongful intent, in contravention of our provisions".

Die aksies verleen deur die *curule aediles* was slegs van toepassing waar die gebrek nie met die blote oog sigbaar was nie[28] ofskoon die verkoper bewus was van die gebrek of nie.[29] Die gebrek moet nie onbenullig wees nie en dit is vereis dat die gebrek die bruikbaarheid en nuttigheid van die saak moes aantas.[30] In hierdie verband bepaal die *aediles*:[31]

---

[22] Romeinse juris. Sterf 228 nC.
[23] D 21.1.1.
[24] Watson se vertaling. Alle aanhalings sal verwys na Watson se vertaling in hierdie hoofstuk. Watson A *The Digest of Justinian* volume 1.
[25] Mostert et al 185-186.
[26] D 21.1.1.1.
[27] In D 21.1.21 verduidelik Ulpianus: "To rescind is to bring it about that the vendor has again what he previously had; and since this is effected by returning the thing, the process is called rescission, as being a return".
[28] Du Plessis 269-270; Patente gebreke is daardie gebreke waarvan die koper bewus was, of wat so duidelik is dat hy daarvan bewus moes wees en was die koper op geen remedie geregtig indien 'n gebrek later ontdek sou word.
[29] *Van der Merwe v Meades* 6.
[30] Bv as 'n bees 'n geswikte enkel het, maar dit hom nie hinder om te wei nie, val dit nie binne die bestek van die edik nie. Waar 'n perd 'n siekte het en dit hom verlam kort na kontraksluiting, val dit wel binne die bestek van die edik. Sien Joubert et al *The Law of South Africa* 2de uitgawe vol 24 28-30. Kerr AJ *The Law of Sale and Lease* 3de uitgawe 114-121.
[31] D 21.1.1.2.

© University of Pretoria

> "2. This edict was promulgated to check the wiles of vendors and to give relief to purchasers circumvented by their vendors. It must,though, be recognized that the vendor is still liable, even though he be unaware of the defects which the aediles require to be declared. 6. If a defect in or disease of the slave be perceptible (and defects reveal themselves generally through symptoms), it may be said that the edict has no place; its concern is simply to ensure that a purchaser is not deceived[32]. 8. So if there be any defect or disease[33] which impairs the usefulness and serviceability of the slave, that is a ground for rescission; we must however, bear in mind that a very minor flaw will not lead to his being held defective or diseased".

Indien die verkoper wetende uitdruklik 'n slaaf as gesond voorgestel het[34] en sekuriteit verskaf het daartoe, sal die verweer van bedrog beskikbaar wees. Ulpianus het weereens benadruk in D 21.1.14.9 en 10 dat indien die koper 'n gebrek kon sien met die blote oog, die verkoper nie aanspreeklik sou wees vir die gebrek nie:[35]

> "9. If the vendor expressly exclude some disease, and, for the rest, declare the slave healthy or give security in respect thereof, the agreement made is to be observed (for there is no return for those who forego their redress) unless the vendor, knowing of the disease, deliberately kept silent about it; in such a case, the defence of fraud will be available. 10. If a disease be not expressly excluded but be such as to be apparent to all (as when the slave be blind or have a dangerous and manifest scar on his head or some other part of his body), there is no liability on that account, says Caecilius, any more than if it had been expressly excluded; for it has to be accepted that the aediles' edict is concerned with those defects which a purchaser might not detect or be able to detect".

Die *aediles* het die edik uitgebrei om voorsiening te maak vir alle lewende hawe.[36] In hierdie verband merk Ulpianus dat die *aediles* sê:[37]

> "Those who sell beasts of burden must declare with all due publicity any disease or defect which the beasts have and must deliver them to purchasers in the best trappings in which they were displayed for sale ... 2. The reason for this edict is the same as that for the return of slaves. 3. And in effect, the same applies as in respect of defects in or diseases of slaves, so that what we have said of them should be transferred to the present context ... 4. Does the designation "beasts of burden" cover cattle of every kind? This can scarcely be the case; for "beast of burden" means one thing, "cattle" another. 5. Hence , there is appended to this edict a clause which runs as follows: "What we have proclaimed in respect of the soundness of beasts of burden vendors must observe in respect of all other cattle" ".

In D 21.1.63 verklaar Ulpianus dat hierdie edik nie net op die verkoop van slawe van toepassing is nie, maar ook op die verkoop van alle ander sake. Dit lees soos volg:

> "It must be realized that this edict applies to all sales, not only those of slaves but also those of anything else. There used to be surprise that no edict was propounded in respect of hire; the

[32] D 21.1.1.6.
[33] In D 21.1.6 verklaar Ulpianus dat Pompius korrek is in sy siening dat hierdie edik nie slegs van toepassing is op langdurige siektes nie, maar ook op alle siektes wat korttermyn effekte het.
[34] *Van der Merwe v Meades* 11.
[35] Buckland 491-492; De Wet JC et al *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* 4de uitgawe 295.
[36] D 21.1.38.1; Du Plessis 271; Thomas 338.
[37] D 21.1.38.

© University of Pretoria

> explanation is either that the aediles never had jurisdiction over this contract or that circumstances are different in hirings from those in sale".

3.2.1.3 Remedies

Die aksies beskikbaar met betrekking tot verborge gebreke onder die Romeinse reg word vervolgens bespreek.

(a) *Actio de modo agri*[38]

In die geval waar die verkoper verkeerde opgawes gemaak het van die grootte van 'n stuk grond, het die koper die *actio de modo agri* tot sy beskikking gehad.[39] Waar grond deur *mancipatio*[40] oorgedra is en die verkoper die regte grootte daarvan by wyse van 'n *lex mancipatio dicta*[41] verklaar het, was hy aanspreeklik vir dubbel die waarde van enige tekort.[42] Indien die verkoper by wyse van *stipulationes* verklaar het dat die koopsaak sekere goeie eienskappe het of sekere gebreke nie het nie, kon die koper *ex stipulatio* ageer as die koopsaak anders was as wat gestipuleer is.[43]

(b) *Actio empti*

Die *actio empti* was in drie gevalle beskikbaar waar daar 'n gebrek in die koopsaak was om verligting te bied vir die koper, naamlik:[44]

(i) indien die verkoper op 'n bedrieglike wyse[45] versuim het om gebreke in die koopsaak aan die koper te openbaar, waarvan hy self bewus was;

---

[38] Hierdie aksie bestaan nog in die klassieke Romeinse reg, hoewel dit tesame met *mancipatio* nie meer in die Justiniaanse tydperk aangewend is nie.
[39] Mostert 185.
[40] Formele oordrag van sake.
[41] Dit is 'n formele verklaring by die oordragshandeling.
[42] Lötz DJ *Die Koopkontrak: 'n Historiese terugblik (Deel 2)* 1992 De Jure 143-165 148; Zimmermann 308.
[43] Lötz 149; Mostert 186; Zimmermann 308.
[44] Daube 123;De Wet 297; Lötz 151; Zimmermann 308-309.
[45] *Dolo malo*.

© University of Pretoria

(ii) indien die verkoper aan die koper spesifiek verklaar het dat die koopsaak vry van sekere (of alle) gebreke was of dat die koopsaak oor sekere besondere eienskappe beskik het;[46]

(iii) indien die koper aangedring het dat die verkoper by wyse van 'n *promissum* stipuleer dat die koopsaak vry van sekere of alle gebreke is of dat die koopsaak sekere besondere eienskappe het.

Die *actio empti* is deur die koper ingespan om vergoeding vir die volle gevolgskade (*id quod interest*) te verhaal[47] in die bogenoemde gevalle.[48] In die meeste gevalle sou die verkoper se skade die verskil tussen prys en die waarde van die saak soos gelewer beloop, of soveel as wat hy minder vir die saak sou betaal het as hy van die gebrek bewus was.[49] Met die *actio empti* kon die koper ook uit die ooreenkoms terugtree.[50]

(c) Aediliese aksies[51]

Die *actio redhibitoria* en *actio quanti minoris* was aanvanklik net beperk tot die slawe- en veehandel, maar is later beskikbaar gestel by enige koopkontrak van spesifieke sake,[52] behalwe in die geval van fiskale verkopings.[53]

Die koper kon blykbaar kies tussen die *actio redhibitoria* en *actio quanti minoris*, maar is weens die verjaringstydperk van onderskeidelik ses en twaalf maande beperk.[54]

---

[46] In D 19.1.6.4 het Labeo verklaar dat die verkoper van 'n vaas aanspreeklik is as die vaas wat hy lewer nie heel is nie, selfs al het hy nie gesê dat dit heel is nie en sonder dat hy *mala fide* is. Hieruit kan afgelei word dat die verkoper ook op grond van 'n stilswyende waarborg met die *actio empti* aanspreeklik is.
[47] *Van der Merwe v Meades* 8.
[48] Bodenstein HDJ *A few aspects of the actio emti and the aedilitian actions* 1914 SALJ 152-159 152. Bodenstein stel dat die koper se *id quod interest* die koopprys mag oorskry, soos blyk uit D 19.1.1.
[49] D 19.1.4; D 19.1.13; Mostert 191.
[50] D 19.1.11.5; De Wet 297.
[51] Die aediliese aksies is steeds beskikbaar in die hedendaagse reg. 'n Meer breedvoerige bespreking van hierdie aksies sal volg in hoofstuk 5 van hierdie dissertasie.
[52] Roerend of onroerend.
[53] Sien D 21.1.1; D 21.1.38; D 21.1.63; De Wet 295.
[54] De Wet 297; Mostert 189.

© University of Pretoria

(i) *Actio redhibitoria*

Die verkoper van ‘n slaaf of trekdier was verplig om enige siekte of gebrek[55] in die koopsaak te openbaar. Hy moes verder ‘n *dictum et promissum*[56] aflê dat geen ander gebreke bestaan nie. Indien hy geweier het, het die actio redhibitoria toepassing gevind om die kontrak tersyde te stel.[57]

Indien ‘n gebrek manifesteer na kontraksluiting, of as die *dicta* of *promissa* vals blyk te wees, was die *actio redhibitoria* beskikbaar vir ses maande[58] om die kontrak tersyde te stel.

(ii) *Actio quanti minoris*

Die *actio quanti minoris* is ‘n aksie vir die vermindering van die koopprys,[59] maar die koper behou die koopsaak. Die beginsels ten opsigte van die *actio redhibitoria* se eisoorsaak is *mutatis mutandis* van toepassing op die *actio quanti minoris*.[60]

3.3. Die Romeins-Hollandse reg

3.3.1 Inleiding

Die Romeinse beginsels rakende verborge gebreke is nougeset deur die Romeins-Hollandse reg nagevolg.[61] Die remedies beskikbaar in die Romeinse reg is aangepas en in die Romeins-Hollandse reg geïnkorporeer.[62]

[55] Buckland 491. Volgens die skrywer kon dit “mental, moral or physical” wees.
[56] Belofte.
[57] Die aksie moes binne twee maande na kontraksluiting ingestel word. Sien D 21.1.28.
[58] D 21.1.28; Buckland 491.
[59] Joubert 34.
[60] Die *actio quanti minoris* het na een jaar verval. Sien D 21.1.38.
[61] Lötz DJ *Die koopkontrak: ‘n Historiese terugblik (Deel 1)* 1992 De Jure 217-231 222; Manfred N *The Common Law of South Africa* 2de uitgawe 845; *Van der Merwe v Meades* 13.
[62] Manfred 845.

© University of Pretoria

3.3.2 Bepalings deur die Hollandse juriste

3.3.2.1 Simon van Leeuwen[63]

Van Leeuwen se belangrikste werk is *Het Roomsch-Hollandsch Recht*.[64] In 4.18.7[65] van hierdie werk stel van Leeuwen met betrekking tot verborge gebreke dit soos volg:[66] "Goods sold in their actual state, whether good or bad, which is denominated pushing off with the foot[67], avoids the obligation of making indemnification for any defect". Met hierdie passasie het die sogenaamde welbekende "voetstootsklousule" sy beslag gekry.[68]

3.3.2.2 Johannes Voet[69]

Voet se vernaamste werk is die *Commentarius ad Pandectas*. Die passasie in 21.1.10 in die teks bevat belangrike bepalings rakende verborge gebreke en word vervolgens bespreek.

(a) Voet 21.1.10

In *Van der Merwe v Meades*[70] het Joubert WnHR die teks in Voet 21.1.10 in vier dele verdeel en vertaal.[71]

Gedeelte [1] van die teks vertaal Joubert WnHR soos volg:

> "Wat betref wete of onwetenheid van die verkoper, word dit sover as dit hierdie aksies aangaan nie oorweeg nie, aangesien dit aanvaar is dat die verkoper hoewel hy onwetend is van daardie aangeleenthede waarvoor hy deur die aediles curules beveel is om verantwoordelik te wees,
>
> desnietemin aanspreeklik behoort te wees omdat dit vir die koper nie van belang is of hy deur die verkoper se onwetendhied of geslepenheid bedrieg is nie, D 21.1.1.2".[72]

---

[63] 1626-1682 nC.
[64] RHR was vir die eerste keer in 1664 gepubliseer. Kleyn 34.
[65] Sien ook C.F 1.4.19.15.
[66] *De Wet v Manuel* 1 M. 501.
[67] *Met den voet stoten*.
[68] Manfred 847; *Van der Merwe v Meades* 12.
[69] 1647-1713 nC.
[70] Hierdie saak het kortliks gehandel oor 'n verborge gebrek in die *merx* se dak konstruksie.
[71] 13-22.

© University of Pretoria

Volgens Joubert WnHR wys Voet in gedeelte [2] daarop dat ‘n verkoper wat by die aangaan van die koop bewus was van die bestaan van ‘n verborge gebrek bowendien (onder die *actio empti*) aanspreeklik is om die koper se gevolgskade te vergoed. Dog indien die koper onbewus daarvan was, is hy nie aanspreeklik vir gevolgskade nie tensy hy ‘n vakman was.[73]

Joubert WnHR benadruk dat gedeelte [3] van besondere belang is omdat Voet daarin ‘n voetstootsklousule opper. Hy vertaal die gedeelte soos volg:

> “ Origens sal dit nie ‘n verkoper wat bewus van die gebrek was, verontskuldig nie waar hy ten tyde van die verkoop in algemene terme beding en verklaar het dat hy die *merx* voetstoots verkoop en dat hy nie vir die gebreke en die siektes daarvan aanspreeklik wil wees nie”.[74]

Die laaste gedeelte vertaal Joubert WnHR soos volg:

> “Waar die verkoper inderdaad (in ‘n voetstootsklousule) uitdruklik (aanspreeklikheid) vir ‘n bepaalde siekte uitgesonder het terwyl hy die *merx* gesond verklaar of toegesê het betreffende ander siektes dan moet die (koop) gehandhaaf word indien die verkoper nie vasstaande kennis van die betrokke siekte gehad het nie omdat geen regres verleen word aan (kopers) wat afstand van hul aksies gedoen het nie. Dog indien die verkoper wel geweet het van die betrokke siekte maar dit opsetlik verswyg het dan moet ‘n *replicatio doli (mali)* aan die koper verleen word soos Ulpianus in D 21.1.14.9[75] meedeel”.

3.3.3 Remedies

In die Hollandse reg was die verkoper slegs aanspreeklik in geval van bedrog.[76]

3.3.3.1 *Actio empti*

Volgens Voet 21.1.10 is die *artifex* aanspreeklik vir die koper se *id quod interest* as die saak ‘n verborge gebrek het, dit wil sê hy is nie net met die *actio quanti minoris* aanspreeklik nie, maar ook met die *actio empti*.[77]

---

[72] Voet beroep hom op D 21.1.1.2 se slotwoorde dat dit vir die aediliese aanspreeklikheid van die verkoper irrelevant is of hy by die aangaan van die koop bewus of onbewus van die bestaan van die verborge gebreke was.
[73] 16.
[74] Voet beroep hom op D 18.1.43.2. Hiervolgens behoort ‘n verkoper daarvoor in te staan dat bedrog by hom afwesig is wat nie slegs daarin bestaan dat hy met die oogmerk om te bedrieg op ‘n obskure wyse praat nie maar ook listig op obskure wyse verberg.
[75] ‘n Koper wat ‘n verkoper sy beskeming onder die voetstootsklousule wil ontneem, moet bedrog aan die kant van die verkoper bewys.
[76] Mostert 192.

© University of Pretoria

3.3.3.2 Aediliese aksies

In die Romeins-Hollandse reg het die koper nie ‘n keuse tussen die aediliese aksies gehad nie.[78] Hierdie is die vernaamste verskil tussen die Romeinse reg en die Romeins-Hollandse reg.[79]

(a) *Actio redhibitoria*

Die *actio redhibitoria* kon deur die koper ingespan word indien hy waarskynlik nie sou gekoop het indien hy van die gebrek geweet het nie, of indien die gebrek so ernstig is dat dit die saak vir sy gewone gebruik minder nuttig maak.[80]

Met die *actio redhibitoria* kon die koper teruggawe van die koopprys eis met rente, en ook koste van onderhoud van die verkoopte saak, maar hy moes van sy kant teruggee wat hy ontvang het,[81] behalwe natuurlik waar die saak vanweë die gebrek tot niet gegaan het.[82]

(b) *Actio quanti minoris*

Die koper kon met die *actio quanti minoris* ageer, en sodoende vermindering van die koopprys eis as wat hy sou betaal het indien hy van die gebrek geweet het, of na die werklike waarde van die saak.[83]

3.4. Gevolgtrekking

[77] De Wet 299; Mostert 194.
[78] De Wet 298.
[79] *Ibid.*
[80] *Ibid*.
[81] Sien Voet 21.1.5.
[82] De Wet 298-300.
[83] De Wet 298.

© University of Pretoria

Die Suid-Afrikaanse reg is op die Romeins-Hollandse reg gefundeer.[84] Ingevolge die gemenereg het die verkoper hoofsaaklik vier verpligtinge, naamlik om die koopsaak te bewaar, eiendomsreg te verskaf en om te waarborg teen uitwinning en verborge gebreke.[85]

Die *curule aediles* het twee edikte uitgevaardig.[86] Die eerste edik is uitgevaardig om die verkope van slawe te reguleer en is later uitgebrei in die tweede edik om die verkoop van alle lewende hawe in te sluit.[87] Die aediliese edik is van toepassing op alle onroerende en roerende sake asook daardie sake wat lewendig is.[88] Die verkoper was verplig om sekere gebreke bekend te maak en as dit nie bekend gemaak is nie, het die koper 'n remedie.[89] Die aksies verleen deur die *curule aediles* was slegs van toepassing waar die gebrek nie met die blote oog sigbaar was nie ofskoon die verkoper bewus was van die gebrek of nie.[90] Die gebrek moet nie onbenullig wees nie en dit is vereis dat die gebrek die bruikbaarheid en nuttigheid van die saak moet aantas.[91]

In die geval waar die verkoper verkeerde opgawes gemaak het van die grootte van 'n stuk grond, het die koper die *actio de modo agri* tot sy beskikking gehad.[92]

Die *actio empti* was in drie gevalle beskikbaar waar daar 'n gebrek in die koopsaak was om verligting te bied vir die koper.[93] Die *actio empti* is deur die koper ingespan om vergoeding vir die volle gevolgskade (*id quod interest*) te verhaal.[94]

---

[84] Sien para 3.1.
[85] Sien para 3.1.
[86] Sien para 3.2.1.1.
[87] Sien para 3.2.1.1.
[88] Sien para 3.2.1.2.
[89] Sien para 3.2.1.2.
[90] Sien para 3.2.1.2.
[91] Sien para 3.2.1.2.
[92] Sien para 3.2.1.3 (i).
[93] Sien para 3.2.1.3 (ii) vir die gevalle.
[94] Sien para 3.2.1.3 (ii).

© University of Pretoria

Die koper kon blykbaar kies tussen die *actio redhibitoria* en *actio quanti minoris* in die Romeinse reg, maar is weens die verjaringstydperk van onderskeidelik ses en twaalf maande beperk.[95] Indien ‘n gebrek manifesteer na kontraksluiting, of as die *dicta* of *promissa* vals blyk te wees, was die *actio redhibitoria* beskikbaar vir ses maande om die kontrak tersyde te stel.[96] Die *actio quanti minoris* is ‘n aksie vir die vermindering van die koopprys, maar die koper behou die koopsaak.[97]

Die Romeinse beginsels rakende verborge gebreke is nougeset deur die Romeins-Hollandse reg nagevolg.[98] Die remedies beskikbaar in die Romeinse reg is aangepas en in die Romeins-Hollandse reg geïnkorporeer.[99] In die Hollandse reg was die verkoper slegs aanspreeklik in geval van bedrog.[100] Die is *artifex* aanspreeklik vir die koper se *id quod interest* as die saak ‘n verborge gebrek het, dit wil sê hy is nie net met die *actio quanti minoris* aanspreeklik nie, maar ook met die *actio empti*.[101]

In die Romeins-Hollandse reg het die koper nie ‘n keuse tussen die aediliese aksies gehad nie.[102] Die *actio redhibitoria* kon deur die koper ingespan word indien hy waarskynlik nie sou gekoop het indien hy van die gebrek geweet het nie, of indien die gebrek so ernstig is dat dit die saak vir sy gewone gebruik minder nuttig maak.[103] Die koper kon met die *actio quanti minoris* ageer, en sodoende vermindering van die koopprys eis as wat hy sou betaal het indien hy van die gebrek geweet het.[104]

---

[95] Sien para 3.2.1.3 (iii).
[96] Sien para 3.2.1.3 (iii) (a).
[97] Sien para 3.2.1.3 (iii) (b).
[98] Sien para 3.3.1.
[99] Sien para 3.1.
[100] Sien para 3.3.3.
[101] Sien para 3.3.3.1.
[102] Sien para 3.3.3.2.
[103] Sien para 3.3.3.2 (i).
[104] Sien para 3.3.3.2 (ii).

© University of Pretoria

HOOFSTUK 4:

VERBORGE GEBREKE EN DIE ONTWIKKELING DAARVAN

4.1. Inleiding

Die Suid-Afrikaanse koopkontrak het sy beslag gekry in die Romeinse reg en hierdie beginsels is in die Romeins-Hollandse reg oorgeneem en word in ‘n baie groot mate vandag nog so toegepas.[105]

4.2. Regspraak

Die reg is ‘n lewende organisme met die doel om die verhouding tussen die lede van die gemeenskap te reguleer op ‘n wyse wat in lyn is met die beginsels van billikheid en regverdigheid.[106] Dit moet dus vatbaar wees vir verandering, om tred te hou met die eise van die moderne lewe, idees en kommersiële omgang.[107] Dus, wanneer ons regters die belangrike taak besef in hierdie opsig, moet hulle streef om die reg op hoogte te hou met die moderne tyd, en moet ons hul pogings verwelkom.[108]

In regspraak wat hierna volg, het die regters die taak gehad om die beginsels van toepassing op verborge gebreke in die koopkontrak uit te brei en in lyn te bring met die moderne praktyk.

[105] Mostert 4.
[106] Bodenstein HDJ *A few aspects of the actio empti and the aedilitian actios* 1914 SALJ 18-31 18.
[107] *Ibid*.
[108] *Ibid*.

© University of Pretoria

4.2.1 Algemeen

Indien ‘n verkoper bewus is van omstandighede wat hom redelike gronde gee om te vermoed dat daar ‘n siekte of gebrek aanwesig is, is hy verplig om dit te openbaar.[109] Pothier[110] stel dit soos volg:

> “The seller, though he has no express knowledge of the defect of the thing sold, is in this respect considered to have knowledge of it, if he has reasonable ground to suspect its existence, and does not say anything of it to the buyer, for such concealment is fraud. For example, if he sells an animal, which he knows is from a place where a contagious disease prevails, though he has no express knowledge that the animal is really attacked by the disease, he ought to be punished equally, as if he had such knowledge, and consequently to be liable, in favour of the buyer, for all the damages which the animal causes him, by communicating the disease with which it is infected to his other cattle; for, it is a fraud on the part of the seller to conceal from the buyer that the animal is from a country where the sickness prevails”.

4.2.2 *Glaston House (Pty) Ltd v Inag (Pty) Ltd*[111]

Die beslissing *in casu* het belangrike riglyne neergelê vir afleidings wat gemaak kan word rakende ‘n verkoper wat wetende ‘n saak verkoop met ‘n verborge gebrek.

In hierdie saak[112] het die appellant ‘n vervalle gebou van die respondent gekoop waarvan ‘n kroonlys en standbeeld in die gebou vroeër as ‘n nasionale gedenkwaardigheid verklaar is in terme van Wet op Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede 4 van 1934.[113] Die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede het die respondent hiervan in kennis gestel, maar nagelaat om dit as verswarende serwituut teen die titelakte van die gebou te registreer. Die respondent was bewus daarvan dat die appellant die gebou gaan sloop en herontwikkel, maar het nagelaat om die appellant van die verklaarde nasionale gedenkwaardigheid in kennis te stel. Die slopery is deur die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede stopgesit. Later is met die appellant ooreengekom dat die gebou gesloop kan word, met dien verstande dat die

[109] Kerr 148.
[110] Pothier *Sale* par 213.
[111] 1977 (2) SA 846 (A).
[112] *Ibid* 846 C - F.
[113] *Ibid* 846 D. Hierdie Wet is vervang deur Wet 28 van 1969.

© University of Pretoria

kroonlys en standbeeld deel van die nuwe gebou moet uitmaak. Gevolglik moes die appellant bykomende onkostes aangaan deur die kroonlys en standbeeld te verwyder, te stoor en in die nuwe gebou terug te plaas.

Die minderheid[114] bevind dat die nie-openbaarmaking van ‘n verborge gebrek waarvan die koper bewus is, ‘n deliktuele eis daarstel. ‘n Voetstootse[115] beding sal die verkoper in sodanige geval nie van aanspreeklikheid vrywaar nie. Die minderheid bevind ook dat die proklamasie van ‘n nasionale gedenkwaardigheid ‘n verborge gebrek, en nie ‘n vorm van uiwinning nie, is. Indien die proklamasie van ‘n nasionale gedenkwaardigheid teen die titelakte van die gebou geëndosseer word, is die gebrek volgens die minderheid in sodanige geval patent en nie verborge nie. Die minderheid bevind dat die appellant nie kon bewys dat die respondent bewus was van die verborge gebrek of dat hy versuim het om dit aan die appellant te openbaar nie.[116]

Die meerderheidsuitspraak[117] het dit onnodig geag om ‘n bevinding te maak dat ‘n ongeopenbaarde serwituut óf ‘n verborge gebrek óf ‘n vorm van uitwinning is. Daar word aanvaar dat ‘n ongeopenbaarde serwituut *in casu* ‘n verborge gebrek is en nie ‘n vorm van uitwinning nie.[118] Die meerderheid bevind dat die respondent tydens kontraksluiting van die verborge gebrek bewus was. Omdat die respondent van die verborge gebrek bewus was, was hy onder ‘n verpligting om dit te openbaar. Deur hierdie openbaringsplig nie na te kom nie, word ‘n wanvoorstelling deur ‘n opsetlike nie-openbaarmaking gepleeg. Die appèlafdeling bevind dat die eisoorsaak *in casu* deliktueel van aard is en staan deliktuele skadevergoeding

[114] Jansen JA, Wessels JA; 852 C – 859 H.
[115] Kahn E et al *Principles of the Law of Sale & Lease* Juta 1998 26; Die waarborg teen verborge gebreke kan omseil word deur ‘n voetstootsklousule in ‘n koopkontrak in te sluit.
[116] In *Van der Merwe v Meades* het die hof beslis dat die respondent nie die bewyslas weerlê het dat die appellant bewus was van die verborge gebrek nie en was dus nie die voordeel van die voetstootsklousule ontneem nie.
[117] Galgut AJA, Holmes JA, Miller JA. *Ibid* 859 H – 874 D.
[118] ‘n Ongeopenbaarde serwituut beïnvloed die gebruiksnut, genot en reg om die saak te vervreem en is dit eerder ‘n vorm van uitwinning as ‘n verborge gebrek.

© University of Pretoria

toe. Indien die eisoorsaak kontraktueel is, sal ‘n groter bedrag skadevergoeding toegestaan kan word.

4.2.3 *Ornelas v Andrew’s Café and Another*[119]

In casu[120] het die eiser aan die verweerder ‘n kafee en restaurant verkoop as ‘n lopende saak. Kort na die verweerder okkupasie geneem het, het hy besef dat die besigheid sonder ‘n lisensie bedryf is en kon hulle nie daarin slaag om een te bekom nie. In ‘n aksie om die ooreenkoms te kanselleer het die verkoper sy toevlug tot ‘n voetstootsklousule geneem.

Nestadt J het beslis dat ‘n verkoper onder sodanige omstandighede nie op ‘n voetstootsklousule kan steun nie aangesien dit net aanspreeklikheid vir verborge gebreke van ‘n fisiese aard uitsluit. Nestadt J het ‘n voetstootsklousule uitgelê as synde beperk tot fisiese of sigbare hoedanighede van die koopsaak.[121] Aangesien die afwesigheid van ‘n lisensie nie as ‘n fisiese of sigbare hoedanigheid kwalifiseer nie, sal dit ook nie as ‘n verborge gebrek in die koopsaak kwalifiseer nie. Dit is beslis dat die lisensieprobleem binne die trefwydte van ‘n stilswyende kontraktuele beding val en nie ‘n voetstootsbeding nie.

4.2.4 *Van Nieuwkerk v McCrae*[122]

In casu[123] het die koper skadevergoeding geëis van die verkoper vir beweerde kontrakbreuk van die verkoop van onroerende eiendom. Die koper het aangevoer dat dit ‘n stilswyende kontraktuele beding is dat die geboue op die eiendom gebou is ooreenkomstig ‘n bouplan soos goedgekeur deur die plaaslike owerheid en dat hierdie beding nie nagekom is nie toe die oorspronklike struktuur verander is sonder vooraf goedkeuring van die plaaslike owerheid.

---

[119] 1980 (1) SA 378 (W).
[120] Sien *Odendaal v Ferraris* 2009 (4) SA 313 319 F – 320 D; *Ornelas v Andrew’s Café* 381 E – 383 E.
[121] *Ibid* 388 G.
[122] 2007 (5) SA 21 (WLD).
[123] *Ibid* 21 E - F.

© University of Pretoria

Goldblatt J het verwys na *Ornelas v Andrew's Café and Another* en insgelyks beslis dat in geval van die verkoop van 'n huis die koper daarop geregtig is om te aanvaar dat die verbeterings aangebring is met volle voldoening aan alle statutêre vereistes[124] en dat dit as sodanig tot die volle omvang daarvan gebruik kan word.[125]

4.2.5 *Odendaal v Ferraris*[126]

In casu[127] het die verkoper van sekere onroerende eiendom hom tot die Hoë Hof gewend vir uitsetting van die koper weens die veronderstelling dat die koopkontrak gekanselleer is vanweë die koper se kontrakbreuk en dat dié dus onregmatig die eiendom beset. Die koper het op sy beurt die verweer opgeroep dat die eiendom gebrekkig is en dat daar nie aan statutêre vereistes voldoen is om 'n motorhuis en buite-gebou op te rig nie. Die verkoper steun op die voetstootsklousule. Die Hoë Hof het bevind dat die verkoper die ooreenkoms onregmatig gekanselleer het en het hom gewerp tot die Hoogste Hof van Appèl.

Die hof[128] het *Ornelas v Andrew's Café and Another* van *Van Nieuwkerk v McCrae* onderskei.[129] In *Ornelas v Andrew's Café and Another* was die koopsaak nie geskik vir die doel waarvoor dit gekoop is nie weens die gebrek aan 'n handelslisensie.[130] Dit is in teenstelling met die koopsaak in *Van Nieuwkerk v McCrae* en *Odendaal v Ferraris* wat, ondanks die afwesigheid van goedgekeurde bouplanne, steeds geskik is vir die doel waarvoor dit gekoop is.[131] Dus het die koper in *Ornelas v Andrew's Café and Another* iets anders

[124] *Ibid* 28 D - G.
[125] Sien *Odendaal v Ferraris* 2009 (4) SA 313 319 C - E.
[126] 2009 (4) SA 313 (SCA).
[127] *Ibid* 313 C - G.
[128] Cachalia JA, Cameron JA, Leach AJA, Mpati P, Navsa JA.
[129] *Ibid* 320 C- 321 A.
[130] *Ibid* 320 D - E.
[131] *Ibid* 320 F - H.

© University of Pretoria

ontvang as wat gekoop is, terwyl in *Van Nieuwkerk v McCrae* en *Odendaal v Ferraris* die kopers presies ontvang het wat hulle gekoop het.

Die hof beslis verder dat in ‘n breë sin kan enige tekortkoming in ‘n koopsaak as ‘n defek beskryf word, maar die uitsluitingsomvang van ‘n voetstootsklousule moet in enige gegewe saak op die besondere feite daarvan bepaal word.[132] Gevolglik is die toepassingsgebied van ‘n voetstoots verkoping wyd genoeg om sowel fisiese gebreke as gebreke in die titel of area van die eiendom te dek.[133] Die hof bevestig dat die gebrek aan statutêre goedkeuring vir aanbouings ‘n verborge gebrek daarstel wat met die gewone gebruik van die koopsaak inmeng en aan die *Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Contstruction Co Ltd*[134]-toets[135] voldoen. Met inagneming van oorwegings van openbare belang en moontlike ongeldigheid weens grondwetlike voorskrifte beslis die hof dat ‘n voetstootsklousule die afwesigheid van statutêre goedkeuring dek.[136] Met hierdie bevinding het die Hoogste Hof van Appèl die bevinding in *Van Nieuwkerk v McCrae*[137] omvergewerp, en die hele doel van ‘n voetstootsklousule bevestig, naamlik om ‘n verkoper te vrywaar teen gebreke waarvan hy nie weet nie, insluitend gebreke bestaande uit nie-nakoming van statutêre vereistes soos in die onderhawige geval.

[132] *Ibid* 321 B - E.
[133] *Ibid* 321 C - D.
[134] 1977 (3) SA 670 (A).
[135] *Odendaal v Ferraris* 321A-B; Corbett JA stel dit:
”Broadly speaking in this context a defect may be described as an abnormal quality or attribute which destroys or substantially impairs the utility of effectiveness of the *res vendita*, for the purpose for which it has been sold or for which it is commonly used...Such a defect is latent when it is one which is not visible or discoverable upon an inspection of the *res vendita*”.
[136] *Ibid* 322 H.
[137] Lötz DJ *Annual Survey of South African Law* 2010 1120.

© University of Pretoria

4.2.6 *Freddy Hirsch Group Pty (Ltd) v Chickenland (Pty) Ltd*[138]

Die eiser is 'n vervaardiger en verskaffer van speserye en die verweerder een van sy klante.[139] Die eiser vervaardig en verskaf aan die verweerder rooipeper wat bevlek is met "Sudan Red 1", 'n ontoelaatbare kleursel wat nie geskik is vir menslike gebruik nie en verbied is deur wetgewing. Die eiser het 'n eis ingestel in die Hoë Hof vir die speserye verkoop en afgelewer. Die verweerder het die eis erken, maar opper die verweer dat hy nie aanspreeklik is om die bedrag te betaal nie, aangesien hyself vier teeneise teen die eiser het, wat die totale bedrag van die eiser se eis oorskry. Die verweerder het onwetend dat die speserye toksies is gekoop en toe dit ontdek is, het die verweerder en kopers van die speserye die produk herroep en dit vernietig. Die vier teeneise is vir die verlies gely weens die herroepping en vernieting.

Blieden J beslis dat die verkoper nie op die voetstootsklousule kan steun nie, omdat die koper iets heeltemal anders ontvang het as wat hy gedink het hy koop.[140] Dus val hierdie aangeleentheid ook onder daardie gevalle waar 'n koper op 'n stilswyende kontraktuele beding kan staat maak, synde dat die koopsaak geskik is vir die doel waarvoor dit gekoop is. Hierdie standpunt is op appèl gehandhaaf.[141]

4.3. Gevolgtrekking

In regspraak wat hierbo bespreek is, het die regters die taak gehad om die beginsels van toepassing op verborge gebreke in die koopkontrak uit te brei en in lyn te bring met die moderne praktyk.[142]

---

[138] 2010 (1) SA 8 (GSJ).
[139] *Ibid* 11D - 13I.
[140] *Ibid* 22 J – 23 A.
[141] Sien *Freddy Hirsch Group Pty (Ltd) v Chickenland (Pty) Ltd* 2011 (4) SA 276 (HHA).
[142] Sien para 4.2.

© University of Pretoria

Indien ‘n verkoper bewus is van omstandighede wat hom redelike gronde gee om te vermoed dat daar ‘n siekte of gebrek aanwesig is, is hy verplig om dit te openbaar.[143]

In *Glaston House (Pty) Ltd v Inag (Pty) Ltd* het die hof belangrike riglyne neergelê vir afleidings wat gemaak kan word rakende ‘n verkoper wat wetende ‘n saak verkoop met ‘n verborge gebrek.[144] Die minderheid en meerderheid het bevind dat die nie-openbaarmaking van ‘n verborge gebrek waarvan die koper bewus is, ‘n deliktuele eis daarstel.[145]

In *Ornelas v Andrew’s Café and Another* het die hof ‘n voetstootsklousule uitgelê as synde beperk tot fisiese of sigbare hoedanighede van die koopsaak.[146]

In *Van Nieuwkerk v McCrae* het die hof beslis dat in geval van die verkoop van ‘n huis die koper daarop geregtig is om te aanvaar dat die verbeterings aangebring is met volle voldoening aan alle statutêre vereistes en dat dit as sodanig tot die volle omvang daarvan gebruik kan word.[147]

In *Odendaal v Ferraris* het die hof *Ornelas v Andrew’s Café and Another* van *Van Nieuwkerk v McCrae* onderskei.[148] In *Ornelas v Andrew’s Café and Another* was die koopsaak nie geskik vir die doel waarvoor dit gekoop is nie weens die gebrek aan ‘n handelslisensie. Dit is in teenstelling met die koopsaak in *Van Nieuwkerk v McCrae* en *Odendaal v Ferraris* wat, ondanks die afwesigheid van goedgekeurde bouplanne, steeds geskik is vir die doel waarvoor dit gekoop is. Die hof bevestig dat die gebrek aan statutêre goedkeuring vir aanbouings ‘n verborge gebrek daarstel wat met die gewone gebruik van die koopsaak inmeng. Met inagneming van oorwegings van openbare belang en moontlike ongeldigheid weens

[143] Sien para 4.2.1.
[144] Sien para 4.2.2.
[145] Sien para 4.2.2.
[146] Sien para 4.2.3.
[147] Sien para 4.2.4.
[148] Sien para 4.2.5.

© University of Pretoria

grondwetlike voorskrifte beslis die hof dat ‘n voetstootsklousule die afwesigheid van statutêre goedkeuring dek. Met hierdie bevinding het die Hoogste Hof van Appèl die bevinding in *Van Nieuwkerk v McCrae* omvergewerp

In *Freddy Hirsch Group Pty (Ltd) v Chickenland (Pty) Ltd* het die hof beslis dat dat die verkoper nie op die voetstootsklousule kan steun nie, omdat die koper iets heeltemal anders ontvang het as wat hy gedink het hy koop.[149]

Uit die bogenoemde regspraak blyk dit dat daar aan statutêre vereistes voldoen moet word in sekere gevalle. Die gemenereg kon nie voorsien dat wetgewing ingestel sal word om die moderne praktyke te reguleer nie, en dus lê die taak by die howe om die gemenereg uit te brei,[150] om dit in lyn te bring met die hedendaagse uitdagings.

Die ontwikkeling van die waarborg teen verborge gebreke blyk duidelik dat nie-voldoening aan statutêre vereistes, byvoorbeeld die afwesigheid van goedgekeurde bouplanne wat inderdaad ‘n gebrek in die koopsaak daarstel,[151] nie onder die kam van ‘n waarborg teen verborge gebreke geskeer word nie.[152]

[149] Sien para 4.2.6.

[150] Art 173 van Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 108 van 1996 bepaal dat die Konstitusionele Hof, Hoogste Hof van Appèl en die Hoë Hof inherente mag het om hul eie prosesse te beskerm en te reguleer, en om die gemenereg uit te brei, met inagmening van die belang van geregtigheid.
[151] Sien *Van Nieuwkerk v McCrae*; para 2.3.
[152] Sien para 4.2..1 - 4.2.6.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 5:

REMEDIES EN VERWERE KRAGTENS DIE GEMENEREG

5.1. Inleiding

In die Suid-Afrikaanse reg is die verkoper, eerstens, aanspreeklik teenoor die koper as die koopsaak anders is as wat hy gewaarborg het. Tweedens, is die verkoper aanspreeklik indien ‘n verborge gebrek homself openbaar, hetsy die verkoper die afwesigheid daarvan gewaarborg het of geen kennis gedra het van die verborge gebrek nie.[153] Die verkoper se aanspreeklikheid is egter nie in bogenoemde gevalle dieselfde nie, want as gevolg van die besondere ontwikkeling wat die reg insake die verkoper se aanspreeklikheid vir gebreke in die koopsaak ondergaan het, het daar vir die koper verskeie remedies beskikbaar geraak.[154]

In hierdie hoofstuk word die remedies en die verwere ingevolge die Suid-Afrikaanse reg in oënskou geneem.

5.2. Die voetstootsklousule

Die uitkontraktering van die waarborg teen verborge gebreke geskied deur middel van ‘n voetstootsklousule.[155] Daar is ‘n vermoede teen voetstootse verkope.[156] Die voetstootsklousule mag uitdruklik of stilswyend wees.[157] Blote inspeksie, selfs al is dit

uitgevoer deur ‘n deskundige, sal nie die verkoping sondermeer ‘n voetstootse verkoping maak nie.[158] ‘n Voetstootsklousule sal van toepassing wees waar die vervaardiger of

[153] Mostert 185.
[154] *Ibid*.
[155] Hackwill MA *MacKeurtan’s Sale of Goods in South Africa* 5de uitgawe 141; Kahn 26.
[156] *Ibid*; Sien ook *Schwarzer v John Roderick’s Motors (Pty) Ltd* 1940 OPD 176; *Boere Handelshuis (Edms) Bpk v Pelser* 1969 (3) SA 171 (O).
[157] Kahn 26; *Speirs Brothers v Massey-Harris Company (SA) Ltd* 1931 NLR 377; *J K Jackson (Pvt) Ltd v Salisbury Family Health Studio (Pvt) Ltd* 1974 (2) SA 619 (RA).

© University of Pretoria

handelaar sy kennis of deskundigheid openbaar.[159] Hierdie kennis of deskundigheid sal hom aanspreeklik maak vir skadevergoeding, al was hy salig onbewus daarvan.[160]

'n Voetstootsklousule sal nie die verkoper beskerm in geval van bedrog nie.[161] 'n Vermoede van bedrog is aanwesig waar die koper kan bewys dat die verkoper bewus was van die defek in die *merx* ten tye van kontraksluiting en die verkoper dit *dolo malo* verswyg het met die bedoeling om die verkoper te bedrieg.[162] Waar 'n koper op die bedrieglike verswyging van die verborge gebrek steun, is die voetstootsklousule steeds van krag.[163] Die verkoper kan sy aanspreeklikheid beperk tot die mate waarin hy eerlik opgetree het.[164]

5.3. Remedies

5.3.1 Algemeen

Die koper kan na lewering vind dat die verkoper:[165]

a) goedere gelewer het wat nie voldoen aan die kontrak se vereistes nie;

b) die waarborg teen uitwinning nie nagekom het nie;

c) goedere gelewer het wat 'n verborge gebrek bevat;

d) goedere gelewer het wat nie voldoen aan 'n *dicta et promissum*.

Die remedies in die bogenoemde gevalle verskil.[166] In sommige gevalle is die koper geregtig op kontraktuele remedies en in ander op die aediliese aksies.[167] Dit is dus noodsaaklik om 'n

---

[158] Hackwill 26; *Wilcken and Ackermann v Klomfass* 1904 TH 91.
[159] Hackwill 26.
[160] *Die Trust Bank van Afrika Bpk v Bekker* 1961 (3) SA 236 (T).
[161] *Truman v Leonard* 1994 (4) SA 371 (SE).
[162] Kahn 26: *Van der Merwe v Meades* 8.
[163] Kahn 26.
[164] *Truman v Leonard* 373 G - I.
[165] Kahn 123.

© University of Pretoria

metode neer te lê om vas te stel welke aksie ingestel moet word.[168] Daar is twee moontlikhede.[169] Eerstens, moet ag geslaan word op die aard van die gebrek en die oorsprong van die koper se regte.[170] Indien die omstandighede wat voortspruit geklassifiseer word as kontrakbreuk deur die verkoper, sal die kontraktuele remedies by wyse van die *actio empti* toepassing vind.[171] Indien die omstandighede wat voortspruit nie geklassifiseer word as kontrakbreuk deur die verkoper nie, vind die aediliese aksies toepassing.[172] Tweedens, moet ag geslaan word op die remedies in die eerste instansie.[173] Volgens hierdie metode word daar bloot gekyk na die remedies wat beskikbaar is.[174] Met die wete dat teruggawe of vermindering van die koopprys die algemene remedie is, en die koper tevrede is met die remedies of indien sy omstandighede nie meer as dit regverdig nie, is dit die einde van die saak.[175]

Die waarborg teen verborge gebreke is outomaties van krag deur regswerking[176] (as *naturale*) of kontraktueel (as *incidentale*).[177] Waar die waarborg *ex lege* is, is die koper geregtig om die aediliese aksies in te stel.[178] Die verkoper kan ook ‘n uitdruklike of stilswyende kontraktuele waarborg gee.[179] In hierdie geval sal die koper geregtig wees om die *actio empti* in te stel.[180]

---

[166] Hackwill 124.
[167] *Ibid*.
[168] Hackwill 125.
[169] Hackwill 125-126; Die twee moontlikhede is neergelê in *Hackett v G & G Radio & Refrigerator Corp Ltd* 1949 (3) SA 664 (A).
[170] Hackwill 125.
[171] *Ibid*.
[172] *Ibid*.
[173] *Ibid*. Hierdie benadering word deur die skrywer verkies.
[174] Hackwill 125.
[175] Hackwill 126. Die koper se regsverteenwoordiger moet bepaal of daar regverdiging is om meer as dit te verhaal.
[176] *Ex lege*.
[177] Mostert 242.
[178] Barnard J *The influence of the Consumer Protection Act 68 of 2008 on the warranty against latent defects, voetstoots clauses and liability for damages* 2012 De Jure 455-477 457.
[179] *Ibid*.
[180] *Ibid*.

© University of Pretoria

In die bespreking wat volg sal die remedies en die aanwendingsgebied daarvan uiteen gesit word.

5.3.2 *Actio empti*[181]

Die *actio empti*, of die koopaksie, het in die Suid-Afrikaanse reg uitgekristaliseer as die aksie waarmee die koper die verkoper aanspreek op grond van kontrakbreuk deur die lewering van ‘n gebrekkige koopsaak.[182] Dit doen hy indien hy ‘n saak met gebreke, die afwesigheid waarvan hy gewaarborg het, of ‘n saak sonder die goeie eienskappe waarvan hy gewaarborg het, lewer.[183]

Die *actio empti* is ‘n persoonlike aksie en word ingestel teen die verkoper en sy erfgename.[184] As ‘n reël kan die koper slegs die aksie instel indien hy presteer het.[185]

Die koper mag die *actio redhibitoria* of *actio quanti minoris* instel in alle gevalle waar die *merx* ‘n verborge gebrek bevat.[186] Die koper mag slegs skadevergoeding eis indien die *actio empti* ook toepassing vind. Dit is van toepassing waar:[187]

(a) die verkoper bedrog gepleeg het;

(b) die verkoper die vervaardiger van die goedere is;

(c) n handelaar wat in die openbaar verklaar dat hy ‘n deskundige is met betrekking tot die goedere wat verkoop word;

---

[181] Sien para 3.2.1.3 vir ‘n kort oorsig.
[182] De Wet 300; Mostert 195. Daarteenoor was die *actio empti* die algemene aksie waarvolgens die verkoper aangespreek kon word as hy nie presteer ooreenkomstig die vereistes van goeie trou nie in die Romeinse reg. Sien Mostert et al 190.
[183] De Wet 300.
[184] Zulman RH et al *Norman’s Law of Purchase and Sale in South Africa* 5de uitgawe 221.
[185] *Ibid*. Die koopprys moes dus reeds betaal wees. Dit geld nie waar die verkoper die eiendom op krediet verskaf het nie.
[186] De Wet 306.
[187] Visser 141-146.

© University of Pretoria

(d) die verkoper uitdruklik gewaarborg het dat die koopsaak nie vry is van verborge gebreke nie.

Die volgende remedies is nie vir die koper beskikbaar kragtens die *actio empti* nie: [188]

(a) waar die verkoper nie die eiendom gelewer het nie;

(i) kan hy kansellasie eis en skadevergoeding;

(ii) kan hy spesifieke nakoming of skadevergoeding in die alternatief eis;

(iii) kan hy spesifiek nakoming en skadevergoeding vir die vertraging van die lewering van die eiendom eis.

(b) as die koop van die eiendom van die hand gewys is en die koper nie meer lewering wil aanvaar nie, kan hy *ex empto* skadevergoeding vir kontrakbreuk eis en die teruggawe van die koopprys, indien dit reeds betaal is, tesame met rente.

(c) waar die verkoper in *mora* is, moet hy die verkoper vergoed vir die vertraging.

Die bedrag skadevergoeding, indien die verkoper bedrog pleeg, is daardie bedrag wat die koper addisioneel tot die koopprys moes betaal weens die bedrieglike wanvoorstelling.[189]

Die algemene reël om die omvang van die skade te bepaal waar die verkoper uitdruklik ‘n waarborg teen die verborge gebrek gegee het, is dat die koper geregtig is om in ‘n posisie geplaas te word waarin hy sou gewees het indien die koopkontrak reëlmatig is.[190]

[188] Zulman 221-222.
[189] Zulman 201.
[190] *Ibid* 202.

© University of Pretoria

5.3.3 Die aediliese aksies

Die aediliese aksies in die hedendaagse reg is beskikbaar in die algemeen tot ‘n koper indien daar verborge gebreke in die koopsaak aanwesig is en die verkoper nie ‘n uitdruklike of stilswyende kontraktuele waarborg tot dien effekte gegee het nie.[191]

Die aediliese aksies mag ook aangewend word in ‘n situasie waar ‘n uitdruklike of stilswyende kontraktuele waarborg van toepassing is.[192] Die benadeelde koper sal onder hierdie omstandighede slegs in uitsonderingsgevalle van die aediliese aksies gebruik maak, omdat skadevergoeding nie daarmee verhaalbaar is nie. [193]

Die *actio quanti minoris* en die *actio redhibitoria* is alternatiewe remedies in die sin dat die koper wat daarop geregtig is óf restitusie kan eis óf ‘n vermindering van die koopprys kan eis, maar nie beide nie.[194]

5.3.3.1 Actio redhibitoria

Die *actio redhibitoria* is ‘n aksie om die kontrak tersyde te stel en restitusie te eis.[195] Hierdie aksie kan ingestel word as:

a) die saak ten tye van kontraksluiting ‘n siekte of gebrek bevat het wat nie deur die verkoper openbaar is nie, al het hy geen kennis daarvan gehad nie;[196]

b) ‘n saak verkoop word teenstrydig met die bepalings van die aediliese edik;[197]

c) ‘n saak verkoop is wat strydig is met wat omskryf en belowe is.[198]

---

[191] Joubert 26; In *Wastie v Security Motors (Pty) Ltd* 1972 (2) SA 129 (C) het die hof beslis dat die aedliese aksies ook van toepassing is met betrekking tot ruiltransaksies.
[192] Kahn 26.
[193] *Ibid.*
[194] Kahn 26; Mostert 221.
[195] Kerr 113. Die partye moet in ‘n posisie geplaas word soos voor kontraksluiting, indien moontlik.
[196] Kerr 114.
[197] *Ibid.*

© University of Pretoria

Waar die koper geregtig is om op die *actio redhibitoria* te steun, mag hy die volgende eis:[199]

a) teruggawe van die koopprys, met rente;

b) vergoeding vir alle uitgawes wat aangegaan is om die bruikbaarheid van die eiendom te verseker en dié wat noodsaaklik aangegaan is;

c) 'n vrywaring teen enige laste wat hy behoorlik onderneem het in terme van die koopsaak.[200]

Die blote feit dat 'n verborge gebrek aanwesig is verleen nie aan die koper die reg om op die *actio redhibitoria* te steun nie, aangesien die gebrek van so 'n ernstige aard moet wees dat dit regverdig dat die koper uit die kontrak kan tree.[201] Om te bepaal of die gebrek van 'n ernstige aard is wend die howe 'n objektiewe toets aan.[202] Teruggawe is toelaatbaar indien 'n redelike persoon met kennis van die gebrek nie die saak sou koop nie, met ander woorde indien die saak wesenlik ongeskik is vir die doel waarmee dit aangekoop is.[203]

In *De Vries v Wholesale Cars*[204] het die eiser 'n motor gekoop van die verweerder.[205] Daar was 'n skommeling aan die stuurmeganisme van die motor en die eiser het die voertuig terug geneem na die verweerder vir herstel.[206] Ten spyte van die herstel vou die voorwiel van die

---

[198] *Ibid*; In *Phame (Pty) Ltd v Paizes* 1973 (3) SA 397 (A) het die Appèlhof beslis dat die *actions redhibitoria* en *quanti minoris* wel vir die koper beskikbaar is "if the seller made a *dictum et promissium* to the buyer upon the faith of which the seller entered into the contract or agreed to the price in question; and it turned out to be unfounded" en 'n dictum et promissum word dan beskryf as "a material statement made by the seller to the buyer during the negotiations, bearing on the quality of the *res vendita* and going beyond mere praise and commendation".
[199] Hackwill 145.
[200] Sien D 21.1.29.1.
[201] Kahn 27.
[202] Hackwill 135; Sien *De Vries v Wholesale Cars*.
[203] Kahn 27.
[204] 1986 (2) SA 22 (O).
[205] Sien Lötz DJ & Nagel CJ *Specific Contracts in Court* 3de uitgawe 60 vir 'n volledige bespreking.
[206] *Ibid*.

© University of Pretoria

voertuig in wat ‘n ongeluk tot gevolg het.[207] Die verweerder het onderneem om die motor te herstel, wat deur die eiser aanvaar is, maar later van die hand gewys is.[208] Die eiser dring daarop aan dat die verweerder ‘n ander motor ter vervanging van die beskadigde een moet gee.[209] Die verweerder staan die eis teen en die eiser dring aan op kansellasie van die kontrak en restitusie.[210] Die vraag wat die hof moet beantwoord, is of die gebrek wesenlik is al dan nie.[211] Slegs as daar bevestigend op hierdie vraag geantwoord kan word, sal ‘n eis kragtens die *actio redhibitoria* slaag.[212] Ten einde wesenlikheid te bepaal moet ‘n objektiewe toets aangewend word.[213] Die faktore wat deur die hof in ag geneem word om wesenlikheid te bepaal, is:[214]

a) die spoed en gemak waarmee die gebrek herstel kan word;

b) die koste van die herstel;

c) die kumulatiewe effek wat al die faktore op die gemoed van die koper het; en

d) of die gebrek deur normale slytasie veroorsaak is.

In die lig van voormelde faktore, bevind die hof dat die gebrek wesenlik is en dat die kansellasie en restitusie regverdig.[215]

Die koper wat daarop geregtig is om teruggawe te eis, mag kwytskelding vra om die koopprys te betaal indien dit nog nie vereffen is nie, of andersins teruggawe van die

---

[207] *Ibid.*
[208] *Ibid.*
[209] *Ibid.*
[210] *Ibid.*
[211] *Ibid.* M.a.w of die gebrek só ernstig is dat die koper nie die koopsaak sou gekoop het nie, indien hy van die gebrek bewus was.
[212] Lötz & Nagel 60.
[213] Lötz & Nagel 61.
[214] *Ibid.*
[215] Lötz & Nagel 61.

© University of Pretoria

koopprys, met rente.[216] Die koper is ook geregtig om koste te eis wat hy in verband met die ontvangs van die saak vir behoud en onderhoud van die saak gehad het, terwyl hy die saak moet teruggee tesame met die vrugte wat dit gelewer het.[217]

5.3.3.2 Actio quanti minoris

Met die *actio quanti minoris* eis die koper 'n prysvermindering en gevolglik teruggawe (of kwytskelding) van 'n deel van die prys wat hy aan die verkoper betaal het.[218] Die gronde waarop die aksie gebruik kan word, naamlik dat die saak anders is as die *quod dictum promissumve feurit* of dat dit 'n verborge gebrek gehad het ten tye van die kontraksluiting, is dieselfde as dié waarop die *actio redhibitoria* ingestel kan word.[219] Gevolglik kan die koper wat nie met die *actio redhibitoria* wil of kan ageer nie (soos waar die gebrek nie so ernstig is dat restitusie toelaatbaar is nie), nog altyd met hierdie aksie prysvermindering kan vorder.[220]

Die verkoper is geregtig om te steun op die *actio quanti minoris* waar hy bewus was van 'n verborge gebrek in die saak en dit geopenbaar het aan die koper.[221] Die veronderstelling is dat 'n redelike persoon steeds die saak sou koop indien hy bewus was van die gebrek, maar ook waar die koper kies om nie uit die kontrak terug te tree nie.[222]

Die koper het ook die keuse om te ageer met die *actio empti* en in die alternatief te steun op 'n aksie ingevolge die *actio redhibitoria* en in 'n verdere alternatief kan hy steun op die *actio quanti minoris*.[223]

---

[216] Kahn 28; Volgens Kahn kan die verkoper ook afstand doen van 'n eis om rente en die vrugte behou.
[217] De Wet 304.
[218] Mostert 218.
[219] *Ibid*.
[220] *Ibid*; Kerr 127.
[221] Zulman 207.
[222] *Ibid*.
[223] Kerr 127.

© University of Pretoria

Die koper wat met die *actio quanti minoris* slaag, kan teruggawe van 'n deel van die koopprys eis.[224] Die bedrag wat toegken word is die verskil tussen die koopprys en die werklike waarde van die saak wat verkoop is.[225] Die tydstip waarop die waarde bereken word is omstrede.[226] Zulman[227] is van mening dat dit op datum waarop die kontrak gesluit is, bereken moet word.[228]

5.4. Verwere

5.4.1 Die *exceptio redhibitoria*

Die omstandighede wat aanleiding gee tot 'n aksie ingevolge die *actio redhibitoria* is gronde vir 'n verweer as die verkoper die koopprys eis.[229] Indien die koper hom berus op hierdie verweer is hy verplig om restitusie van die koopsaak te bewerkstellig.[230] Indien 'n gedeelte van die koopsaak gebruik is tot voordeel van die koper voor hy bewus is van die siekte of gebrek is hy verplig om 'n bedrag aan te bied wat gelyk is aan die waarde wat ontvang is.[231]

5.4.2 Die *exceptio quanti minoris*

Die omstandighede wat aanleiding gee tot 'n aksie ingevolge die *actio quanti minoris* is gronde vir 'n verweer as die verkoper eis vir die ooreengekome prys.[232] In *Davenport Corner Tea Room (Pty) Ltd v Joubert* [233] stel Miller J:

> "That it is competent for a purchaser who is entitled to a reduction in price because of the existence of latent defects in the *merx* to enforce that right by way of an *exception* or plea instead of by of the *actio quanti minoris* admits of no doubt."

[224] Joubert 35.
[225] *Ibid*.
[226] Zulman 208.
[227] *Ibid* 208.
[228] Sien ook *Ranger v Wykerd*, *Grosvenor Motors (Border) Ltd v Visser* 1971 (3) SA 213 (E), *McDaid v De Villiers* 1942 CPD 220.
[229] Joubert 34.
[230] Kerr 126.
[231] *Ibid*.
[232] Joubert 38; Kerr 133.
[233] 1962 (2) SA 709 (D).

© University of Pretoria

Die regter beslis verder dat:

> "When a purchaser makes use of the *exceptio* instead of the *actio quanti minoris*, he must necessarily base his defence upon the very ground upon which his claims under the *actio quanti minoris* would have been based."[234]

Indien die kontrak bepaal dat dit in paaiemente betaalbaar is, mag die verkoper 'n sekere paaiement eis wanneer dit betaalbaar is, indien dit nie beïnvloed word deur die aftrekking wat toegelaat is nie.[235]

5.5. Aanspreeklikheid uitgesluit

Die aanspreeklikheid van die verkoper is in die volgende gevalle uitgesluit:[236]

5.5.1 Waar die gebrek nie ten tye van kontraksluiting bestaan het nie

Die koper het alleen 'n aanspraak as die gebrek ten tye van die kontraksluiting reeds in die koopsaak aanwesig was.[237] Die koper dra dus die risiko ten opsigte van gebreke wat na kontraksluiting in die saak ontstaan.[238] Die bewyslas om aan te toon dat die gebrek reeds tydens kontraksluiting in die koopsaak aanwesig was, rus op die koper.[239]

5.5.2 Voor vervulling van 'n opskortende voorwaarde

Indien die inwerktreding van die koopooreenkoms afhanklik gestel is van 'n opskortende voorwaarde, word die ooreenkoms eers *perfecta* by vervulling van die voorwaarde.[240] Die verkoper is nie verplig om die saak voor die tyd te lewer nie, en as hy wel lewer kan die

---

[234] 713 E.
[235] Kerr 134.
[236] Joubert 39-43; Mostert 201-210.
[237] Sien D 21.1.43.9; Mostert 202.
[238] Mostert 202; Zulman 171. By die verkoping van 'n spesifieke saak is dit ooreenkomstig die algemene beginsels van die risikoleer dat die koper die risiko dra vir waardevermindering na die kontraksluiting, ofskoon die kontrak nog nie *perfecta* is nie. Waar die gebrek so ernstig is dat dit die saak voor *perfecta*-wording vernietig, behoort die verkoper die risiko daarvan te dra, en kom 'n verhaalsreg nie ter sprake nie.
[239] *Ibid*. Sien ook *Seboko v Soll* 1949 (3) SA 337 (T).
[240] Kerr 135; Mostert 203.

© University of Pretoria

koper nie voor vervulling van die voorwaarde die aediliese aksies instel op grond van verborge gebreke in die koopsaak nie.[241]

5.5.3 Waar die koper bewus is van die gebrek

Indien die koper bewus is van die gebrek ten tyde van kontraksluiting, kan die aediliese aksies nie ingestel word nie.[242] Die bron van die koper se kennis is irrelevant, want dit maak nie saak of dit berus op eie waarneming, mededelings deur die verkoper of derdes nie.[243]

5.5.4 Waar die koper regtens van die gebrek moes geweet het

Selfs waar die koper geen werklike kennis van die gebrek het nie, het die koper geen remedie as hy regtens van die gebrek moes geweet het nie.[244] Dit geld waar gebreke verborge was en die koper dit nie agter gekom het tydens kontraksluiting weens sy eie versuim of onoplettendheid nie.[245]

As die gebrek patent, is die verkoper nie aanspreeklik nie.[246] Die toets om tussen patente en latent gebreke te onderskei is objektief.[247] Indien ‘n redelike persoon in die posisie van die koper die gebrek sou agterkom, is die gebrek patent en as ‘n redelike koper dit nie sou opmerk nie, is dit verborge.[248] Die vraag is of ‘n redelike koper dit onvermydelik sou raaksien by die soort ondersoek wat hy sou instel.[249] Indien ‘n deskundige dit nie sou raaksien nie, is die gebrek *prima facie* verborge.[250]

---

[241] *Ibid*.
[242] Mostert 204; Zulman 172.
[243] Kerr 136; Mostert 204.
[244] Mostert 204.
[245] Mostert 204; Zulman 172-173.
[246] Joubet 41; Mostert 205.
[247] Mostert 205.
[248] Joubert 41; Kerr 137.
[249] *Ibid*.
[250] *Knight v Hemming* 1959 SA 1 288 (FC).

© University of Pretoria

5.5.5 Waar die verkoper se aanspreeklikheid deur ooreenkoms uitgesluit is

Die verkoper se aanspreeklikheid vir verborge gebreke onder die aediliese aksies val onder die reëlende reg en kan gevolglik deur ooreenkoms tussen die partye beperk of uitgesluit word.[251] Die gangbare uitdrukkings vir die uitsluiting van aanspreeklikheid is dat die saak verkoop word "met al sy foute" of "soos dit staan", of "voetstoots".[252]

5.5.6 Waar die saak vir 'n nominale prys verkoop is

Waar die saak slegs vir 'n nominale prys[253] verkoop is, is daar 'n *venditio gratiosa* en het die koper geen verhaal ten opsigte van gebreke in die koopsaak nie.[254]

5.5.7 By geregtelike verkopings

Die aediliese aksies kom die koper nie by 'n geregtelike veiling toe nie.[255] Die aksies is uitgesluit waar die balju of geregsbode goedere in beslag neem kragtens 'n hofbevel ter voldoening aan 'n vonnisskuld.[256]

5.5.8 Waar die gebrek herstel is

Die koper kan met die aediliese aksies ageer ten opsigte van 'n gebrek wat net tydelik is. Indien die gebrek egter vanself regkom en die saak herstel, kan die koper nie enige eis bring nie, omdat die grondslag waarop sy eis gebaseer is verdwyn het.[257] Wanneer daar 'n

---

[251] Mostert 206.
[252] Sien Mostert 206-208 vir 'n volledige bespreking. Hoofstuk 5 para 2 van hierdie dissertasie omvat die beginsels rakende die voetstootsklousule.
[253] 'n *Pretium affectionis*.
[254] Mostert 208; Zulman 184.
[255] *Ibid*.
[256] Mostert 209. Daar kan aangevoer dat dié uitsluiting van toepassing is by alle verkopings in eksekusie, al geskied die verkoping nie ingevolge 'n hofbevel nie.
[257] *Ibid*. Bv waar 'n siek dier gesond word.

© University of Pretoria

herstelbare gebrek in die saak aanwesig is, kan die koper aanspraak maak op sy regsmiddels.[258] Die koper is nie verplig om te wag totdat die gebrek herstel is of om self die gebrek te probeer uitwis of om die verkoper toe te laat om die gebrek te herstel nie.[259]

5.5.9 Waar die aksies verjaar het

Artikel 11(d) van die Verjaringswet 68 van 1969 bepaal dat die periode van verjaring vir die aediliese aksies drie jaar beloop.[260] Die termyn neem ‘n aanvang wanneer die vorderingsreg afdwingbaar word.[261]

5.6. Gevolgtrekking

Eerstens, is die verkoper aanspreeklik teenoor die koper indien die koopsaak anders is as wat hy gewaarborg het. Tweedens, is die verkoper aanspreeklik indien ‘n verborge gebrek homself openbaar, hetsy die verkoper die afwesigheid daarvan gewaarborg het of geen kennis gedra het van die verborge gebrek nie.[262]

Die waarborg teen verborge gebreke is outomaties van krag deur regswerking of kontraktueel.[263] Die uitkontraktering van die waarborg teen verborge gebreke geskied deur middel van ‘n voetstootsklousule, hoewel sodanige klousule nie die verkoper beskerm in geval van bedrog nie.[264]

[258] Mostert 209-210; Die koper is geregtig om restitusie of ‘n prysvermindering te eis asook, in ernstiger gevalle, kansellasie van die koopkontrak.
[259] Mostert 209.
[260] Zulman 185.
[261] Mostert 210.
[262] Sien para 5.1.
[263] Sien para 5.3.1.
[264] Sien para 5.2.

© University of Pretoria

Die koper het in die algemeen die *actio empti*, en *actio redhibitoria* en *actio quanti minoris* tot sy beskikking.[265]

Die *actio empti* is ‘n aksie waarmee die koper die verkoper aanspreek op grond van kontrakbreuk deur die lewering van ‘n gebrekkige koopsaak.[266] Die koper kan kansellasie van die koopkontrak eis, mits die verborge gebrek so ernstig is dat dit nie van die koper verwag kan word om die koopsaak te hou nie, en (of) skadevergoeding.[267]

Die *actio redhibitoria* is ‘n aksie om die kontrak tersyde te stel en restitusie te eis.[268] Waar die koper geregtig is om op die *actio redhibitoria* te steun mag hy teruggawe van die kooopprys (met rente), vergoeding vir alle uitgawes wat aangegaan is om die bruikbaarheid van die eiendom te verseker en dié wat noodsaaklik aangegaan is en ‘n vrywaring teen enige laste wat hy behoorlik onderneem het in terme van die koopsaak, eis.[269] Die gebrek moet van so ernstige aard wees dat dit regverdig dat die koper uit die kontrak kan tree.[270]

Die *actio quanti minoris* kan ingestel word om ‘n prysvermindering en gevolglik teruggawe (of kwytskelding) van ‘n deel van die prys wat hy aan die verkoper betaal het te eis.[271] Die koper wat met die *actio quanti minoris* slaag, kan teruggawe van ‘n deel van die koopprys eis.[272]

Die verwere beskikbaar tot die verkoper is die *exceptio redhibitoria* en die *exceptio quanti minoris*.[273] Die omstandighede wat aanleiding gee tot ‘n aksie ingevolge die *actio*

[265] Sien para 5.3.
[266] Sien para 5.3.2.
[267] Sien para 5.3.2.
[268] Sien para 5.3.3.1.
[269] Sien para 5.3.3.1.
[270] Sien para 5.3.3.1.
[271] Sien para 5.3.3.2.
[272] Sien para 5.3.3.2.
[273] Sien para 5.4.

© University of Pretoria

redhibitoria is gronde vir ‘n verweer as die verkoper die koopprys eis.[274] Ingelyks is die omstandighede wat aanleiding gee tot ‘n aksie ingevolge die *exceptio quanti minoris* gronde vir ‘n verweer as die verkoper eis vir die ooreengekome prys.[275]Daar moet ook gelet word op die gevalle waar aanspreeklikheid uitgesluit is om nie ‘n verkoper verkeerdelik aan te spreek nie.[276]

Afhangende van die omstandighede van die saak, is die koper geregtig op bogenoemde remedies. Die verkoper het die keuse om op die verwere te steun, soos bespreek hierbo.

[274] Sien para 5.4.1.
[275] Sien para 5.4.2.
[276] Sien para 5.5.1-5.5.9 vir hierdie uitsluitings.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 6:

VERBORGE GEBREKE INGEVOLGE DIE WET OP VERBRUIKERSBESKERMING[277], 68 VAN 2008

6.1. Inleiding

Verbruikers in Suid-Afrika het meer as vier jaar gewag vir die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008[278] om gepromulgeer en deur die president onderteken te word.[279] Die Wet word beskou as een van die beste verbruikersbeskerming wetgewing op die kontinent.[280] Die Wet het merkbare veranderinge teweeg gebring in die kommersiële arena.[281] Die Wet maak voorsiening vir agt fundamentele verbruikersregte en het ook 'n impak op die manier waarop partye voortaan besigheid sal bedryf en meer belangrik, het dit 'n impak op koopkontrakte.[282]

Die Wet stel geen kodifikasie daar nie en het algemene beginsels van die koop- en kontraktereg nog deeglik 'n rol om te speel.[283] Dit is dus belangrik om te bepaal wanneer die statutêre reg geld, en wanneer algemene beginsels geld.[284] In elke geval gebring voor die

[277] Barnard vn 1. 'n Nie-amptelike vertaling van die *Consumer Protection Act* 68 van 2008 is beskikbaar by http://www.vra.co.za/vorms/WET%20OP%20VERBRUIKERSBESKERMING%20(No%2068%20van%202008)%20Afr.pdf in Afrikaans. Die *Consu*mer *Protection Act* het nie 'n amptelike naam in Afrikaans nie. Daar sal voortaan na die wet verwys word as die Wet op Verbruikersbeskerming.
[278] Hierna genoem "die Wet". Alle verwysings in die hoofstuk na arts, verwys na arts kragtens die Wet, behalwe waar uitdruklik anders gestipuleer.
[279] Melville N *Consumer Protection Act Made Easy* 2010 xiii; Sekere bepalings van die Wet het op 1 April 2011 in werking getree en die restant op 1 Oktober 2011. Sien skedule 2 van die Wet.
[280] Melville xiii.
[281] Barnard 455.
[282] *Ibid*.
[283] Otto JM *Koop van 'n saak vir sy normale of vir 'n bepaalde doel. En die een en ander oor winkeldochters* TSAR 2013 1-13.
[284] *Ibid*.

© University of Pretoria

Nasionale Verbruikers Tribunaal, of ‘n hof, het die hof ‘n plig om die gemenereg uit te brei om die verwesenliking en genieting van verbruikers regte in die algemeen te bevorder.[285]

Hoofstuk 2 Deel H van die Wet beskerm die verbruiker se reg op billike waarde, goeie gehalte en veiligheid. Artikels 55 en 56 is hier van groot belang. Gevolglik sal die bespreking aandag skenk aan die bepalings in die Wet wat ‘n beduidende effek het op gemeenregtelike verborge gebreke.

6.2. Toepassingsgebied van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008

Artikel 5(1) van die Wet bepaal die transaksies waarop die Wet van toepassing is.[286] Die Wet is van toepassing luidens artikel 5(1) op:

> “ (a) every transaction occurring within the Republic, unless it is exempted by subsection (2), or in terms of subsections (3) and (4);
>
> (b) the promotion of any goods or services, or of the supplier of any goods or services, within the Republic, unless-
>
> (i) those goods or services that are supplied or performed in terms of a transaction to which this Act applies in terms of paragraph (a); or
>
> (ii) the promotion of those goods or services has been exempted in terms of subsections (3) and (4);
>
> (c) goods or services that are supplied or performed in terms of a transaction to which this Act applies, irrespective of whether any of those goods or services are offered or supplied in conjunction with any other goods or services, or separate from any other goods and services; and
>
> (d) goods that are supplied in terms of a transaction that is exempt from the application of this Act, but only to the extent provided for in subsection (5)”.

Die Wet is dus, breedweg gesproke, van toepassing op iedere transaksie waar goedere of dienste aan bepaalde verskaffers bemark of verskaf word deur ‘n verskaffer wat optree in die gewone loop van die verskaffer se besigheid in Suid-Afrika.[287] Daar is uitdruklike uitsonderings en beperkings op die Wet se strekkingswydte wat tot gevolg het dat die Wet nie

[285] Art 4(2).
[286] Otto 2013 13.
[287] Otto JM *Verborge gebreke, voetstootsverkope, die Consumer Protection Act en die National Credit Act* 2011 THRHR (74) 525-545; Otto 2013 1-13.

© University of Pretoria

volkome kodifiserend van aard is nie.[288] Die gemenereg, of ander wetgewing, of die kontrak tussen die partye, of ‘n kombinasie daarvan, sal nog op ‘n groot aantal kontrakte van toepassing wees.[289] Die Wet is byvoorbeeld nie van toepassing op kredietooreenkomste wat onderhewig is aan die Nasionale Kredietwet[290] nie, of op transaksies wat deur die Minister van Handel en Nywerheid vrygestel is of op transaksies wat deur ‘n regspersoon aangegaan is as ‘n verbruiker, indien die regspersoon se batewaarde of jaarlikse omset R2 miljoen oorskry nie.[291] Die idee is dus om net klein regspersone as verbruikers te beskerm.[292]

Twee van die sentrale begrippe in die Wet is “transaction” en “supply”.[293] “Transaction” in die Wet word gedefinieer as:[294]

> “ ‘transaction’ means-
>
> (a) in respect of a person acting in the ordinary course of business-
>
> (i) an agreement between or among that person and one or more other persons for the supply or potential supply of any goods or services in exchange for consideration; or
>
> (ii) the supply by that person of any goods to or at the direction of a consumer for consideration; or
>
> (iii) the performance by, or at the direction of, that person of any services for or at the direction of a consumer for consideration; or
>
> (b) an interaction contemplated in section 5(6), irrespective of whether it falls within paragraph (a)”.

“Supply” word, wat die lewering van sake betref, in die Wet omskryf as:[295]

> “when used as a verb-
>
> (a) in relation to goods, includes sell, rent, exchange and hire in the ordinary course of business for consideration; or
>
> (b) in relation to services, means to sell the services, or to perform or cause them to be performed or provided, or to grant access to any premises, event, activity or facility in the ordinary course of business for consideration.”

[288] Otto 2013 13.
[289] *Ibid*.
[290] 34 van 2005.
[291] Art 5(2) van die Wet bepaal dat die Minister die drempel moet vasstel itv art 6 van die Wet.
[292] Otto 2011 535.
[293] Otto 2013 13.
[294] Art 1 van die Wet.
[295] Art 1 van die Wet; Otto 2013 14.

© University of Pretoria

Die Wet geld dus net indien ‘n persoon goedere en dienste lewer in die gewone loop van sy besigheid.[296] Nêrens in die Wet word egter bepaal dat die Wet net van toepassing is op verbruikers wat nie in die loop van hulle besighede goedere of dienste bekom nie.[297] Trouens, die feit dat regspersoon-verbruikers, al is dit tot ‘n beperkte mate, onder die Wet se vlerke geneem word dui, op die teendeel.[298] Verbruikers word dus beskerm ongeag of hulle goedere of dienste vir privaat-, huishoudelike-, professionele- of besigheidsdoeleindes aanskaf.[299]

6.3. Invloed van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 op die gemeenregtelike remedies

6.3.1 Definisie van “gebrek” kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008

Artikel 53 van die Wet omskryf definisies wat verband hou met die reg op billike waarde, goeie kwalitiet en veiligheid.[300] Die term “defek” word omskryf in artikel 53(1)(a) van die Wet as:[301]

> “(i) any material imperfection in the manufacture of the goods or component, or in performance of the services, that renders the goods or results of the service less acceptable than persons generally would be reasonably entitled to except in the circumstances; or
>
> (ii) any characteristic of the goods or components that renders the goods or components less useful, practicable or safe than persons generally would be reasonably entitled to expect in the circumstances”.[302]

‘n Gebrek is dus óf ‘n wesenlike tekortkoming wat in die vervaardiging van ‘n saak ingesluip het en wat die saak minder aanvaarbaar maak, óf ‘n eienskap wat die saak minder bruikbaar, prakties of veilig maak.[303] In albei gevalle is die toets of ‘n persoon in die omstandighede oor

---

[296] *Ibid.*
[297] *Ibid.*
[298] Otto 2011 536.
[299] *Ibid.*
[300] Barnard 465.
[301] Artikel 53(1)(a)(i) en (ii).
[302] Barnard 465. Die definisie blyk om die definisie te volg soos in *Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Co Ltd*. Barnard stel voor dat die wetgewer die bepalings in terme van artikel 55(5)(a) moet insluit in die definisie vir regsekerheid.

© University of Pretoria

die algemeen redelikerwys meer kon verwag het van die saak.[304] Paragraaf (i) se omskrywing dek duidelik nie ‘n gebrek wat na die vervaardigingsproses ontstaan het nie, maar paragraaf (ii) is wyd genoeg bewoord om ‘n gebrek wat te enige tyd ontstaan het in te sluit.[305]

6.3.2 Artikel 55: Die reg op veilige en goeie-kwaliteit goedere

Artikel 55 van die Wet reël ‘n verbruiker se reg tot veilige en goeie-kwaliteit goedere.[306] Die bepaling is nie van toepassing op goedere wat by ‘n veiling gekoop is nie.[307]

Artikel 55(2) van die Wet bepaal dat alle goedere, uitgesluit daardie goedere wat by ‘n veiling gekoop word, moet:

(a) redelikerwys geskik wees vir die doel waarvoor dit in die algemeen bedoel is;

(b) van goeie gehalte, in goeie werkende toestand en vry van *enige*[308] gebreke wees;

(c) vir ‘n redelike tydperk bruikbaar en duursaam wees, met inagneming van die gewone gebruik van die goedere en al die omstandighede rondom die verskaffing daarvan; en

(d) aan enige toepaslike standaarde kragtens die Wet op Standaarde 29 van 1993, of enige ander openbare regulasie voldoen.[309]

Artikel 55(3) van die Wet bepaal dat bo en behalwe die regte soos uiteengesit in artikel 55(2), indien die verskaffer aan die verbruiker spesifiek meedeel dat hy of sy die goedere vir ‘n bepaalde doel wil aanskaf, en ‘n verkoper gewoonlik sodanige goedere te koop aanbied, of op ‘n kundige wyse rakende die gebruik van daardie goedere optree, het die koper die reg om te

---

[303] Otto 537.
[304] *Ibid.*
[305] *Ibid.*
[306] *Ibid.*
[307] Artikel 55(1);Barnard 466; Melville 102. Goedere gekoop by ‘n openbare veiling word gedek deur artikel 45.
[308] My onderstreping.
[309] Nagel et al *Kommersiële Reg* 4de uitgawe 229.

© University of Pretoria

aanvaar dat die goedere redelikerwys geskik sal wees vir daardie spesifieke aangeduide doel.[310]

Artikel 55(2) sit dus die standaarde of vereistes uiteen waaraan goedere wat verkoop word moet voldoen.[311] Artikel 55(2) en (3) bepaal dat alle goedere redelikerwys geskik moet wees vir die doel waarvoor dit in die algemeen bedoel is.[312] Die goedere moet van goeie gehalte, in goeie werkende toestand en vry van *enige*[313] gebreke wees.[314] Die goedere moet vir 'n redelike tydperk bruikbaar en duursaam wees, met inagneming van die gewone gebruik van die goedere en al die omstandighede rondom die verskaffing daarvan.[315] Die goedere moet voldoen aan enige toepaslike standaarde kragtens die Wet op Standaarde 29 van 1993, of enige ander openbare regulasie.[316] Barnard[317] en Naudé[318] is van mening dat 'n verbruiker nie hoef te bewys dat die goedere ongeskik was vir die doel waarvoor dit aangekoop was tydens kontraksluiting nie.[319]

Artikel 55(4) van die Wet sit die posisie uiteen om te bepaal of die goedere aan die standaarde en vereistes voldoen soos voorgeskryf in artikels 55(2) en 55(3). Die Wet bepaal dat al die omstandighede vir die verskaffing daarvan in ag geneem moet word, met inbegrip van die wyse waarop die goedere bemark, verpak en uitgestal is, die gebruik van enige handelsbeskrywing of handelsmerk, enige instruksies vir of waarskuwing ten opsigte van die

[310] Barnard 466-467; Art 55(3) blyk in ooreenstemming met Pothier se reël te wees, maar dit moet nie as bevestiging daarvan beskou word nie.
[311] Naudé T *The Consumer's Right to Safe, Good Quality Goods and the Implied Warranty of Quality Under Sections 55 and 56 of the Consumer Protection Act 68 of 2008* 2011 SA Merc LJ 336-351 by 338.
[312] Van Eeden E *A Guide to the Consumer Protection Act* 2009 LexisNexis 224.
[313] Nie net wesenlike gebreke nie.
[314] Art 55(2)(b).
[315] Art 55(2)(c).
[316] Art 55(2)(d).
[317] Barnard 467.
[318] Naudé 339; Volgens Naudé is dit so juis omdat die verbruiker die reg het om die goedere net te ontvang wat voldoen aan hierdie vereistes.
[319] Hierdie beginsel stem ooreen met die gemenereg.

© University of Pretoria

gebruik daarvan, die redelik verwagte aanwendingsmoontlikhede van die goedere en die tydstip waarop dit vervaardig en verskaf is.[320]

Om te bepaal of goedere dus aan die standaarde en vereistes voldoen soos in artikels 55(2) en 55(3) van die Wet, moet al die omstandighede vir die verskaffing daarvan in ag geneem word.[321] Die wyse waarop die goedere normaalweg aangewend word sal, onder andere, in aanmerking geneem moet word,[322] wat daarop dui dat die normale verweer van die goedere in ag geneem mag word.[323]

Artikel 55(5)(a) van die Wet bepaal dat dit irrelevant is of die gebrek latent of patent is, en of die verbruiker die defek kon bespeur voor ontvangs van die goedere.[324] Artikel 55(5)(b) bepaal dat indien ‘n verbeterde model van goedere later deur dieselfde of ‘n ander verskaffer beskikbaar gestel word, kan dit nie sonder meer afgelei word dat sodanige verbetering as gevolg van ‘n defek of gebrek in die vorige model was nie.[325]

Artikel 55(6) bepaal artikels 55(2)(a) en (b) nie van toepassing sal wees op ‘n transaksie nie, indien die verbruiker uitdruklik van die spesifieke toestand van die goedere ingelig is en hy of sy uitdruklik toegestem het om die goedere in daardie toestand te aanvaar, of wetend op ‘n wyse opgetree het wat bestaanbaar is met die aanvaarding van die goedere in daardie toestand. Die gevolg van hierdie artikel is dat die gebruik van ‘n voetstootsklousule drasties beperk word en dat verskaffers in die algemeen ‘n plig het om al die eienskappe van die koopsaak te openbaar.[326]

---

[320] Nagel 229.
[321] Art 55(4).
[322] Barnard 467.
[323] *Ibid*.
[324] Art 55(5)(a).
[325] Nagel 229.
[326] Nagel 230.

© University of Pretoria

Artikel 55 omsluit ernstige gevolge, dus moet verskaffers verseker dat sy werknemers kennis dra van die produkte of dat ‘n senior lid van die werknemers genader word om verbruikers in te lig rakende die aanwendingsgebied van die produkte.[327]

6.3.3 Artikel 56: Die versweë waarborg van kwaliteit[328]

Artikel 55 se bepalings word deur artikel 56 versterk deurdat die regte wat in artikel 55 vervat is ‘n *ex lege* waarborg daarstel.[329]

Kragtens artikel 56(1) is elke transaksie en ooreenkoms onderhewig aan ‘n versweë waarborg deur ‘n “produsent”, “invoerder”, “verspreider” en “kleinhandelaar” dat alle goedere wat verskaf word aan die vereistes en standaarde, soos omskryf in artikel 55(2), voldoen. Hierdie versweë waarborg is egter nie van toepassing indien die goedere nie aan die voorgeskrewe standaard voldoen nie, omdat daarmee gepeuter is nadat dit die beheer van die voormelde entiteite verlaat het.[330]

Artikel 56(2) bepaal dat indien die goedere nie aan die vereistes en standaarde soos vereis in artikel 55(2) voldoen nie, mag ‘n verbruiker die goedere binne ses maande na lewering daarvan (sonder die betaling van ‘n boetebedrag) op die verskaffer se risiko en koste aan hom of haar teruggee.[331] Kragtens artikel 56(2)(a) en (b) moet die verskaffer, op instruksie van die verbruiker, indien die goedere teruggegee word, die gebrekkige goedere herstel, vervang of die koopprys aan die koper terugbetaal, met dien verstande dat waar ‘n verskaffer die goedere onsuksesvol herstel, die goedere moet vervang of die koopprys terugbetaal word.[332]

---

[327] Melville 104.
[328] Art 56(2) en (3) word bespreek in hoofstuk 7 van hierdie dissertasie, aangesien dit meer betrekking het op die remedies en verwere beskikbaar aan die verbruiker. Slegs die algemene beginsels word hier bespreek.
[329] Otto 2011 538.
[330] Nagel 230.
[331] *Ibid*.
[332] Art 55(3).

© University of Pretoria

Artikel 56(4) bepaal dat hierdie versweë waarborg bykomstig is tot enige ander stilswyende waarborg of bepaling kragtens die gemenereg, die Wet, openbare regulasie of uitdruklike kontraktuele waarborg of beding.

6.4. Die voetstootsklousule kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008

Die voortbestaan van die voetstootsklousule hang grootliks van die interpretasie van artikel 55(6) die Wet af.[333] Hierdie artikel skep verwarring rakende die voortbestaan van die voetstootsklousule.[334]

Artikel 55(6) maak dit duidelik dat die verkoper uitdruklik moet uitwys in watter toestand die saak is, en baie spesifiek moet wees in hierdie verband, indien hy aanspreeklikheid wil ontkom wat betref die kwaliteit en geskiktheid van die saak.[335] ‘n Algemene en vae stelling sal nie deug nie.[336] Die koper op sy beurt moet óf uitdruklik instem om die saak in die spesifiek uitgewysde toestand te aanvaar, óf sy gedrag moet daarop dui dat hy daartoe ingestem het.[337] ‘n Koper wat ‘n saak sonder teenkanting of teëstribbeling koop ondanks die verkoper se waarskuwende mededeling dat die saak beperkte vermoëns het gaan moeilik ‘n hof oortuig dat hy steeds op die waarborge van artikel 55 kan staatmaak.[338]

In die paragrawe wat volg sal die argument ten gunste van en teen die voortbestaan van die voetstootsklousule uiteen gesit word.

[333] Coetzee A en Morrissey C *Does this mean voetsek voetstoots?* May 2010 Without Prejudice 12-13 by 12; Sien para 6.3.2 vir bewoording van die art.
[334] Naudé 342.
[335] Otto 2013 19.
[336] *Ibid*.
[337] Art 56(6)(a) en (b).
[338] Otto 2013 19.

© University of Pretoria

6.4.1 Argument ten gunste van die behoud van die voetstootsklousule

Die reg van ‘n verbruiker om goedere te ontvang vir die doel waarvoor dit in die algemeen bedoel is, of goeie kwaliteit, in goeie werkende orde en vry van enige gebreke[339] sal nie toepassing vind waar die verkoper goedere verkoop in ‘n sekere toestand en die verbruiker uitdruklik ingelig is dat daardie goedere aangebied is in ‘n spesifieke toestand en die verbruiker uitdruklik ingestem het om sodanige goedere te ontvang in daardie toestand of sodanig opgetree het dat daar aanvaar kan word dat die verbruiker ingestem het om die goedere as sodanig te ontvang.[340]

Daar kan geargumenteer word dat artikel 55(6) die verskaffer toelaat om goedere voetstoots te verkoop mits die verbruiker ingelig is van die toestand van die goedere en die verbruiker dit as mondelings so aanvaar of deur sy gedrag.[341] Die argument bestaan dat die voetstootsklousule deel vorm van die omliggende omstandighede van die verskaffing van goedere wat in ag geneem moet word om te bepaal of die goedere bruikbaar en duursaam was vir ‘n redelike tydperk.[342]

Nog ‘n argument bestaan dat ‘n verskaffer wel aanspreeklikheid mag uitsluit met betrekking tot die doel en kwaliteit waarvoor die goedere aangeskaf is, maar nie ten opsigte van die duursaamheid en die voldoening aan die wetlike vereistes nie en ‘n ooreenkoms wat sodanige aanspreeklikheid uitsluit moet gebaseer wees op werklike wilsooreenstemming.[343]

Die Wet verbied nie die verskaffer om klousules in te sluit in verbruikersooreenkomste wat ten doel het om sy aanspreeklikheid uit te sluit, of klousules waarby die verbruiker se regte

[339] Art 55(2)(a) en (b).
[340] Art 55(6).
[341] Morrissey & Coetzee 12.
[342] *Ibid.*
[343] Sharrock R *Business Transaction Law* 8ste uitgawe 611; Volgens Sharrock is só ‘n klousule ‘n uitsluitings klousule en moet dit voldoen aan art 49 van die Wet.

© University of Pretoria

beperk word of van afstand gedoen word nie.[344] Artikel 4(4)(b) van die Wet bepaal dat enige kontrak of dokument opgestel of gepubliseer deur die verskaffer geïnterpreteer moet word tot voordeel van die verbruiker sodat enige inperking, beperking, uitsluiting of ontneming van 'n verbruiker se regte, soos uiteengesit in die dokument, beperk is tot wat die redelike persoon normaalweg sou beoog of verwag.[345] Artikel 48(1)(c) bepaal dat 'n verskaffer moet nie van 'n verbruiker, of iemand anders aan wie goedere of dienste op lasgewing van die verbruiker verskaf word, vereis om van regte afstand te doen, 'n verpligting aanvaar of van 'n aanspreeklikheid van die verskaffer afstand doen nie op grond van bedinge wat onbillik, onredelik of onregverdig is, of sodanige bedinge oplê as voorwaarde vir die aangaan van 'n transaksie nie.[346] Die Wet verbied dus nie 'n voetstootsklousule nie, maar bepaal dat sodanige klousule nie op grond van bedinge wat onbillik, onredelik of onregverdig is gebaseer mag word nie en geïnterpreteer moet word ten gunste van die verbruiker met inagneming van wat 'n redelike persoon sou verwag.[347]

6.4.2 Argument teen die behoud van die voetstootsklousule[348]

Alhoewel daar bepalings in die Wet is ten gunste van die behoud van die voetstootsklousule in terme van verbruikersooreenkomste, is daar ook bepalings wat die uitsluiting daarvan ondersteun.[349] Artikel 2(10) van die Wet bepaal dat geen bepaling van die Wet word uitgelê as sou dit 'n verbruiker verhoed om enige regte ingevolge die gemenereg beskikbaar, uit te oefen nie.[350] Artikel 56(4) bepaal dat die versweë waarborg teen kwaliteit addisioneel is tot

[344] Barnard 471.
[345] Barnard 472.
[346] *Ibid.*
[347] *Ibid.*
[348] Barnard steun hierdie argument op 472-473.
[349] Barnard 472.
[350] *Ibid.*

© University of Pretoria

enige ander waarborg in terme van die gemenereg.[351] Artikel 51(1)(b)(i) bepaal dat ‘n verskaffer nie enige transaksie of ooreenkoms aan ’n beding of voorwaarde onderworpe stel nie indien dit op direkte of indirekte wyse voorgee om n verbruiker van ’n reg ingevolge hierdie Wet te laat afsien of te ontneem.[352] Die verkoop van goedere onderworpe aan ‘n algemene voetstootsklousule is ‘n duidelike uitsluiting en beperking van ‘n verbruiker se reg.[353] Ofskoon ‘n voetstootsklousule as ‘n term of voorwaarde bewoord is en of dit die verbruiker ontneem of beperk van sy regte, is dit steeds ongeldig.[354] Die feit dat goedere nie net vry van enige gebreke moet wees nie, maar ook bruikbaar en duursaam en dat dit moet voldoen aan openbare gereguleerde standaarde maak dit moeilik om op die klousule te steun.[355]

Dit blyk dus dat artikel 55(6) meer as een betekenis kan hê.[356] Artikel 4(3) bepaal dat indien ‘n bepaling van die Wet redelikerwys uitgelê kan word om meer as een betekenis te hê, moet die Tribunaal of hof die betekenis verkies wat die beste die gees en oogmerke van die Wet bevorder, en die verwesenliking en genieting van verbruikersregte in die algemeen.[357] Verder bepaal artikel 4(4)(a) dat in die mate waarin dit versoenbaar is met die bevordering van die oogmerke en beleid van die Wet, moet die Tribunaal of hof ’n standaardvorm, -kontrak of ander dokument wat deur of namens ’n verskaffer opgestel of gepubliseer is, of wat die Wet vereis deur ’n verskaffer voortgebring moet word, tot voordeel van die verbruiker uitlê sodat

[351] *Ibid.*
[352] Art 51(3) bepaal dat so ‘n transaksie of ooreenkoms, bepaling, beding of voorwaarde van ’n transaksie of ooreenkoms, of kennisgewing waaraan die transaksie of ooreenkoms onderworpe heet te wees, nietig is.
[353] Barnard 472.
[354] *Ibid.*
[355] *Ibid.*
[356] *Ibid.*
[357] *Ibid.*

© University of Pretoria

'n dubbelsinnigheid wat meer as een redelike uitleg van 'n gedeelte van so 'n dokument moontlik maak, tot voordeel van die verbruiker beslis word.[358]

Die argument[359] dat 'n voetstootsklousule ingesluit mag word as deel van die omliggende omstandighede is nie goed deurdag nie.[360] 'n Verborge gebrek sal, bloot na die definisie te verwys in die Wet, die goedere minder bruikbaar, prakties of veilig maak in die omstandighede.[361] 'n Voetstootsklousule sal nie die toets slaag in artikel 55(2)(c) neergelê nie, nie net weens die aard van die verborge gebrek nie, maar ook as gevolg van die gemeenregtelike definisie van 'n verborge gebrek en veral weens die Wet se bepaling dat dit irrelevant is of die gebrek patent of latent is.[362]

Die benadering, volgens Barnard,[363] wat meer in lyn is met die doel van die Wet argumenteer dat die uitwerking van artikel 55(3) is dat die gebruik van 'n voetstootsklousule uitgesluit is en verbruikers het 'n algemene openbaringsplig om al die eienskappe van die goedere te openbaar.[364]

Niks verhoed 'n verskaffer om goedere te verkoop in 'n sekere toestand nie.[365] Die verskaffer is dan verplig om die kwaliteit van die goedere en enige gebreke te openbaar in detail en hy moet bewys dat die verbruiker ingelig was en die goedere aanvaar het op daardie basis.[366]

---

[358] Barnard 473.
[359] Sien para 6.4.1 en vn 30; Morrisey en Coetzee 12.
[360] Barnard 473.
[361] *Ibid*.
[362] Art 55(5); Barnard 473.
[363] Barnard 473.
[364] *Ibid*; Die *caveat emptor* ("let the buyer beware")- reël blyk om afgeskaf te wees met hierdie bepaling. Dit geld selfs waar bedrog nie ter sprake is nie.
[365] Bv die verkoping van tweedehandse goedere.
[366] Barnard 473.

© University of Pretoria

'n Klousule wat byvoorbeeld bepaal dat die verkoper nie waarborg dat die dak nie lek nie, sal nie meer afdwingbaar wees nie.[367] In teenstelling waar die klousule die verbruiker inlig dat die dak lek van tyd tot tyd gedurende hewige reënval, sal dit waarskynlik die toets slaag soos in artikel 55(6) neergelê.[368]

6.5. Gevolgtrekking

Die Wet is, breedweg gesproke, van toepassing op iedere transaksie waar goedere of dienste aan bepaalde verskaffers bemark of verskaf word deur 'n verskaffer wat optree in die gewone loop van sy besigheid in Suid-Afrika.[369]

'n Gebrek word gedefinieer in die Wet as óf 'n wesenlike tekortkoming wat in die vervaardiging van 'n saak ingesluip het en wat die saak minder aanvaarbaar maak, óf 'n eienskap wat die saak minder bruikbaar, prakties of veilig maak.[370]

Artikel 55 van die Wet reël 'n verbruiker se reg tot veilige en goeie-kwaliteit sake.[371] Artikel 55(2) sit die standaarde of vereistes uiteen waaraan goedere wat verkoop word moet voldoen.[372] Artikel 55(2) en (3) bepaal dat alle goedere redelikerwys geskik moet wees vir die doel waarvoor dit in die algemeen bedoel is.[373]

Artikel 55 se bepalings word deur artikel 56 versterk deurdat die regte wat in artikel 55 vervat is 'n *ex lege* waarborg daarstel.[374]

Die voortbestaan van die voetstootsklousule hang grootliks van die interpretasie van artikel 55(6) af.[375] Artikel 55(6) maak dit duidelik dat die verkoper uitdruklik moet uitwys in watter

[367] Otto 2011 538.
[368] *Ibid.*
[369] Para 6.2.
[370] Para 6.3.1.
[371] Para 6.3.2.
[372] Para 6.3.2.
[373] Para 6.3.2.
[374] Para 6.3.3.

© University of Pretoria

toestand die saak is, en baie spesifiek moet wees in hierdie verband, indien hy aanspreeklikheid wil ontkom wat betref die kwaliteit en geskiktheid van die saak.[376] Die argument vir en teen die behoud is uiteengesit in 6.4.1 en 6.4.2.

Uit die bespreking in hierdie hoofstuk is dit duidelik dat die Wet verreikende gevolge mag bring en dit is dan die taak van die howe om die Wet te interpreteer dat regsekerheid geskied.

[375] Para 6.4.
[376] Para 6.4.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 7:

REMEDIES EN VERWERE KRAGTENS DIE WET OP VERBRUIKERSBESKERMING, 68 VAN 2008

7.1 Inleiding

Verbruikers en verskaffers moet die praktiese toepassing van Deel H van die Wet verstaan om voldoende beskerming te geniet.[377] Artikel 55[378] van die Wet reël die versweë waarborg van kwaliteit terwyl artikel 56[379] van die Wet die remedie uiteensit wat tot die verbruiker se beskikking is indien die verskaffer waarborgbreuk pleeg. Die verskaffer moet ook kennis neem van artikel 56 van die Wet om sy aanspreeklikheid te beperk.

In die bespreking wat hieronder volg word die remedies en verwere aan die verbruiker en verskaffer beskikbaar kragtens die Wet in oënskou geneem.

7.2 Remedies kragtens artikel 56

Artikel 56(2)[380] bepaal dat indien die goedere nie aan die vereistes en standaarde soos vereis in artikel 55(2) voldoen nie, mag ‘n verbruiker die goedere binne ses maande na lewering daarvan sonder die betaling van enige boetes op die verskaffer se risiko en koste aan hom of haar teruggee.[381] Die verskaffer het die keuse, indien hy die goedere teruggee, om teruggawe

[377] Die fundamentele reg wat ig die Wet beskerm word is die reg op billike waarde, goeie kwaliteit en veiligheid.
[378] Sien para 6.3.2.
[379] Sien para 7.2.
[380] Alle verwysings na arts in die hoofstuk, verwys na arts kragtens die Wet, behalwe waar uitdruklik anders gestipuleer. Sien hf 6 para 3 vir bewoording van art 56(2).
[381] Melville 105.

© University of Pretoria

van die koopprys te eis of om die gebrekkige goedere te vervang of herstel.[382] Indien die verskaffer die goedere onsuksesvol herstel het moet hy binne drie maande na sodanige herstel die goedere vervang of die koopprys terugbetaal.[383] Dit is egter onseker of die sesmaande-afsnytydperk betrekking het op die duur van die versweë waarborg[384] of uitoefening van die remedies.[385] Barnard is van mening dat laasgenoemde 'n beter benadering is en in lyn is met die Wet se doelstellings.[386]

Dié remedie mag interpretasie probleme inhou en is een van die vele kontroversiële bepalings van die Wet.[387] Dit het ook 'n impak op die gemenereg aangesien die verbruiker steeds op artikel 56 se remedie kan steun al het die verbruiker inspeksie gehou ten opsigte van die goedere en 'n gebrek ontdek het voor lewering en steeds dit in ontvangs geneem het.[388]

Die verbruiker het 'n keuse om teruggawe van die koopprys te eis of om die goedere te vervang of te herstel in terme van artikel 56.[389] Die versweë waarborg kragtens artikel 56(1) is meer omvattend as die versweë waarborge kragtens die gemenereg.[390] Jacobs, Stoop en van Niekerk is van mening dat die woord "of" wat ingevoeg is tussen die produsent en invoerder beteken dat die waarborg gegee word deur óf die produsent óf die invoerder en kan nie van toepassing wees op beide tegelyk nie.[391]

Hierdie remedie mag 'n praktiese probleem daarstel waar die goedere onroerend is en oordrag daarvan, tesame met die registrasie van 'n verband oor die betrokke eiendom, reeds

---

[382] *Ibid*.
[383] Art 56(3); Van Eeden 226.
[384] Barnard 468. In welke geval 'n voetstootsklousule na ses maande vanaf kontraksluiting in werking kan tree.
[385] *Ibid*. In welke geval vermelde versweë waarborg onbepaald van krag sal bly en die gebruiklike verjaringsreëls rakende die instel van 'n regsgeding van toepassing sal wees.
[386] *Ibid*.
[387] Jacobs W, Stoop P & van Niekerk R *Fundamental Consumer Rights Under the Consumer Protection Act 68 of 2008: A Critical Overview and Analysis* 2010 PELJ 302-508 373.
[388] *Ibid*. Weens 'n wyer interpretasie wat meer beskerming verleen aan die verbruiker.
[389] Sien bespreking bo.
[390] Jacobs, Stoop & van Niekerk 371.
[391] *Ibid*. Sien art 56(1).

© University of Pretoria

in die naam van die verbruiker bewerkstellig is.[392] Jacobs, Stoop en van Niekerk is onseker of die versweë waarborg van kwaliteit toepassing sal vind op onroerende eiendom, maar dit word voorgelê dat die waarborg altyd van toepassing sal wees op goedere wat verskaf is in die gewone loop van besigheid aan ‘n verbruiker vir vergoeding.[393]

Die versweë waarborg van artikel 56(1) en die reg om die saak terug te gee is luidens artikel 56(4) ‘n aanvullende reg.[394]

7.3 Aanspreeklikheid vir skadevergoeding veroorsaak deur gebrekkige goedere

Vir volledigheidshalwe word verwys na artikel 61 van die Wet wat die aanspreeklikheid reël vir skade veroorsaak deur goedere en hou verband met die skuldlose deliktuele aanspreeklikheid van ‘n “produsent”, “invoerder”, “verspreider” of ‘n “kleinhandelaar” wat op alle goedere van toepassing is.[395] Dié artikel dek ‘n verskeidenheid van aangeleenthede, soos byvoorbeeld aanspreeklikheid vir skade wat veroorsaak word vanweë die lewering van gevaarlike sake.[396]

Artikel 61(1) bepaal dat ‘n “produsent”, “invoerder”, “verspreider” of “kleinhandelaar” (nie ‘n verskaffer of diensverskaffer nie) van enige goedere vir enige skade aanspreeklik is, ongeag of die skade deur sy of haar nalatigheid veroorsaak is al dan nie, indien die skade veroorsaak word deur die verskaffing van onveilige goedere, of enige gebrek in die goedere, of versuim om voldoende instruksies oor die gebruik daarvan aan ‘n verbruiker te voorsien.

[392] Barnard 469; Melville 105.
[393] Barnard 469; Jacobs, Stoop & van Niekerk 375. Volgens lg skrywers is dit die plig van die howe of wetgewer om uitsluitsel oor die kwessie te verleen.
[394] Barnard 468.
[395] Otto 2011 540.
[396] *Ibid*.

© University of Pretoria

Iemand wat ‘n diens lewer, en daarmee ‘n saak lewer, word deur dieselfde aanspreeklikheid getref.[397]

Kragtens artikel 61(2) word ‘n “verskaffer van dienste” vir doeleindes van artikel 61(1) wat, tesame met die uitvoering van daardie dienste, goedere gebruik, verskaf, installeer of toegang daartoe voorsien, geag ‘n verskaffer van daardie goedere teenoor ‘n verbruiker te wees.[398]

Artikel 61(3) bepaal dat indien meerdere persone aanspreeklik is, is hulle gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik.

Dit is egter ‘n verweer, kragtens artikel 61(4)(a) – (c), teen bogenoemde aanspreeklikheid indien die skade:[399]

(a) in geheel toegeskryf kan word aan die nakoming van ‘n openbare regulasie; of

(b) indien die beweerde onveilige produkkenmerk, -gebrek, -defek of –gevaar nie op die tydstip wat dit verskaf is, bestaan het nie; of

(c) waar dit weens die nakoming van instruksies wat deur die verskaffer van die goedere voorsien is, ontstaan het; of

(d) waar dit onredelik is om te verwag dat die verspreider of kleinhandelaar die onveilige produkkenmerk, -gebrek, -defek of –gevaar moes kon waarneem, met inagneming van daardie persoon se rol in die bemarking van die goedere aan verbruikers.

Artikel 61(4)(d) bepaal dat ‘n eis vir skadevergoeding in hierdie geval binne drie jaar ingestel moet word na die dood of besering van ‘n persoon, of die vroegste tydstip waarop iemand bewus word van die siekte en die oorsaak daarvan, of die vroegste tydstip waarop iemand,

[397] Art 61(2).
[398] Nagel 231.
[399] *Ibid*.

© University of Pretoria

met ‘n belang in die betrokke eiendom, bewus word van die verlies van of skade aan daardie eiendom, of die laatste datum waarop iemand ekonomiese verlies gely het.

Artikel 61(5) bepaal die skade waarvoor ‘n persoon aanspreeklik gehou kan word. Dit sluit in die dood, siekte of besering van of aan ‘n natuurlike peroon, die verlies van of fisiese skade aan enige eiendom en enige ekonomiese verlies wat uit voormelde skade voortvloei.

Aanspreeklikheid kragtens artikel 61 kan nie by wyse van ‘n vrywaring of afstanddoening omseil word indien die Wet op die kontrak van toepassing is nie.[400] Die eiser sal steeds onregmatigheid moet bewys aan die kant van die verskaffer.[401]

Indien goedere wat van die Wet vrygestel is, by wyse van ‘n transaksie in Suid-Afrika verskaf word, bly sodanige goedere, asook die invoerder, produsent, verspreider en kleinhandelaar daarvan binne die trefwydte van die bepalings van artikel 61.[402]

7.4 Invloed van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008 op die gemeenregtelike remedies

Die vraag wat hier gevra word is of die gemeenregtelike remedies[403] steeds deur die verbruiker ingestel kan word waar die Wet van toepassing is en of die remedies vervang is deur die wetgewende remedies.[404]

Artikel 2(10) van die Wet bepaal dat geen bepaling van word uitgelê as dit ’n verbruiker sou verhoed om enige regte ingevolge die gemenereg beskikbaar, uit te oefen nie.[405]

---

[400] Art 51(1)(b)(i).
[401] Jacobs, Stoop & van Niekerk 387.
[402] Nagel 231.
[403] *Actio quanti minoris*, *actio redhibitoria* en *actio empti*.
[404] Barnard 469.
[405] *Ibid*.

© University of Pretoria

Artikel 56(4) bepaal dat die versweë waarborg wat deur artikel 56(1) opgelê word en die reg om goedere terug te gee in artikel 56(2) uiteengesit, is elk bykomstig tot enige ander versweë waarborg of voorwaarde deur die gemenereg, die Wet of enige ander openbare regulasie opgelê en ’n uitdruklike waarborg of voorwaarde deur die produsent of invoerder, verspreider of kleinhandelaar, na gelang van die geval, gestipuleer.[406]

Uit die bogemelde blyk dus dat die gemeenregtelike remedies steeds tot die verbruiker se beskikking sal wees.[407]

Prakties gesproke sal daar geen sin wees om die *actio redhibitoria* in te stel nie aangesien die gebrek van ‘n wesenlike aard moet wees en deur op die waarborg te steun sal minder hinderlik wees.[408] Niks verhoed die verbruiker om die *actio quanti minoris* in te stel nie, maar dit sal eenvoudiger wees om op die versweë waarborg van kwaliteit te steun in terme van artikel 56.[409] Daar word voorgehou dat die verbruiker slegs die gemeenregtelike remedies tot sy beskikking sal hê indien die verbruiker die gebrek na ses maande of langer ontdek. Barnard steun nie hierdie stelling nie vanweë artikels 2(10) en 56(4) se bepalings.[410]

“Skade” soos gedefinieer in artikel 61(5) is nie sinoniem aan skade in ‘n kontraktuele sin of skade wat verhaal kan word kragtens die *actio empti* nie.[411] Die rasionaal om die *actio empti* bo en behalwe artikel 56 in te stel, sal ‘n bykomende eis daarstel vir skade.[412]

[406] *Ibid.*
[407] *Ibid.*
[408] *Ibid.*
[409] Barnard 470.
[410] *Ibid.*
[411] *Ibid.*
[412] *Ibid.*

© University of Pretoria

7.5 Verweer vir defektiewe of gebrekkige goedere kragtens artikel 55(6)

Dit is ‘n verweer indien ‘n verbruiker uitdruklik van die spesifieke toestand van die goedere ingelig is en hy of sy uitdruiklik toegestem het om die goedere in daardie toestand te aanvaar, of wetend op ‘n wyse opgetree het wat bestaanbaar is met die aanvaarding van die goedere in daardie toestand.[413] Die gevolg van hierdie artikel is dat die gebruik van ‘n voetstootsklousule drasties beperk word en dat verskaffers in die algemeen ‘n plig het om die eienskappe van die koopsaak te openbaar.[414] In die verband blyk dit dat die reël *caveat emptor*[415] afgeskaf is.[416]

Artikel 55(6) maak dit duidelik dat die verskaffer uitdruklik moet uitwys in welke toestand die goedere is, en baie spesifiek moet wees in hierdie verband, indien hy aanspreeklikheid wil ontkom wat betref die kwaliteit en geskiktheid van die saak.[417] ‘n Algemene en vae stelling sal dus nie deug nie.[418]

‘n Koper wat ‘n saak sonder teenkanting of teëstribbeling koop ondanks die verkoper se waarskuwende mededeling dat die saak beperkte vermoëns het gaan moeilik ‘n hof oortuig dat hy steeds op die waarborge van artikel 55 kan staatmaak.[419]

7.6 Verweer teen aanspreeklikheid vir skadevergoeding veroorsaak deur gebrekkige goedere kragtens artikel 61(4)

Artikel 61(4) bevat ‘n hele rits uitsonderings op die algemene, skuldlose aanspreeklikheid kragtens artikel 61(1).[420] Dit is ‘n verweer indien die skade:[421]

---

[413] Sien art 55(6).
[414] Jacobs, Stoop & van Niekerk 368.
[415] Pasop koper wat jy koop.
[416] Nagel 230.
[417] Otto 2013 19.
[418] *Ibid.*
[419] *Ibid.*
[420] Otto 2011 540.
[421] Nagel 231.

© University of Pretoria

(a) in geheel toegeskryf kan word aan die nakoming van ‘n openbare regulasie; of

(b) indien die beweerde onveilige produkkenmerk, -gebrek, -defek of –gevaar nie op die tydstip wat dit verskaf is, bestaan het nie; of

(c) waar dit weens die nakoming van instruksies wat deur die verskaffer van die goedere voorsien is, ontstaan het; of

(d) waar dit onredelik is om te verwag dat die verspreider of kleinhandelaar die onveilige produkkenmerk, -gebrek, -defek of –gevaar moes kon waarneem, met inagneming van daardie persoon se rol in die bemarking van die goedere aan verbruikers.[422]

7.7 Gevolgtrekking

Artikel 56(2) bepaal dat indien die goedere nie aan die vereistes en standaarde soos vereis in artikel 55(2) voldoen nie, mag ‘n verbruiker die goedere binne ses maande na lewering daarvan sonder die betaling van enige boetes op die verskaffer se risiko en koste aan hom of haar teruggee.[423] Die verskaffer het dan die keuse, indien hy die goedere teruggee, om teruggawe van die koopprys te eis of om die gebrekkige goedere te vervang of herstel.[424] Indien die verskaffer die goedere onsuksesvol herstel het moet hy binne drie maande na sodanige herstel die goedere vervang of die koopprys terugbetaal.[425]

Artikel 61 van die Wet dek ‘n verskeidenheid van aangeleenthede rakende algemene skuldlose aanspreeklikheid vir skade veroorsaak deur goedere wat deliktueel van aard is.[426] Artikel 61(1) bepaal dat die vervaardiger of invoerder, verspreider of handelaar aanspreeklik

[422] Art 61(4)(a)-(c)
[423] Para 7.2.
[424] Para 7.2
[425] Para 7.2.
[426] Para 7.3.

© University of Pretoria

is vir enige skade wat veroorsaak is deur ‘n gebrek in die saak.[427] Aanspreeklikheid volg ongeag of daar enige nalatigheid aan die kant van die vervaardiger, invoerder, verspreider en handelaar was.[428] Skade waarvoor ‘n persoon aanpreeklik gehou kan word, sluit in die dood, siekte of besering van of aan ‘n natuurlike persoon, die verlies van of fisiese skade aan enige eiendom en enige ekonomiese verlies wat uit voormelde skade voortvloei.[429]

Dit blyk dat die gemeenregtelike remedies steeds tot die verbruiker se beskikking sal wees.[430]

Dit is ‘n verweer indien ‘n verbruiker uitdruklik van die spesifieke toestand van die goedere ingelig is en hy of sy uitdruiklik toegestem het om die goedere in daardie toestand te aanvaar, of wetend op ‘n wyse opgetree het wat bestaanbaar is met die aanvaarding van die goedere in daardie toestand.[431]

Artikel 61(4) bevat ‘n hele rits uitsonderings op die algemene, skuldlose aanspreeklikheid kragtens artikel 61(1). Sien 7.6 vir die uitsonderings.

Dit wil dus blyk dat die verskaffer meer beskerming geniet na die inwerktreding van die Wet aangesien hy nou geregtig is op die wetteregtelike remedies en die gemeenregtelike remedies.

[427] Para 7.3.
[428] Para 7.3.
[429] Para 7.3.
[430] Para 7.4.
[431] Para 7.5.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 8:

AANSPREEKLIKHEID VIR VERBORGE GEBREKE IN DIE ENGELSE REG

8.1. Inleiding

Die Engelse reg, net soos die Suid-Afrikaanse, is op die Romeins-Hollandse reg geskoei.[432] Dit sal dus vir die Suid-Afrikaanse reg van waarde wees om dié bepalings rakende verborge gebreke te vergelyk met dié van die Engelse reg. Só 'n vergelyking stel die wetgewer in staat om vas te stel of die Suid-Afrikaanse reg voldoen aan internasionale standaarde.

In die bespreking wat volg word die Engelse reg rakende verborge gebreke onder die loep geneem.

8.2. Aanspreeklikheid vir verborge gebreke in die Engelse reg

In die Engelse reg word 'n koopkontrak, soos in die Suid-Afrikaanse reg van 'n ruil-, werkaannemings- en pandgewingskontrak onderskei.[433] "Koop" word in die Engelse reg gedefinieer as:[434]

> "Sale is the transfer by mutual assent of the ownership of a thing from one person to another for a money price. Where the consideration for the transfer consists of other goods or some other valuable consideration (not being money), the transaction is called exchange or barter, although in certain circumstances it may be treated as one of sale".

[432] Daube 112-114.
[433] Lötz DJ & van der Nest D *Aanspreeklikheid vir verborge gebreke in die Engelse en Kanadese reg* 2001 De Jure 515-548 op 518.
[434] Lord Mackay of Clashfern (Ed) *Halsbury's Laws of England* 5de uitgawe (2012) 91 para 1.

© University of Pretoria

8.2.1 Wetgewing rakende die verkoop van goedere

8.2.2.1 *The Sale of Goods Act*, 1979

(a) Agtergrond

Voor inwerktreding van die *Sale of Goods Act*, 1893 is die Engelse koopreg deur die gemenereg wat die "law merchant" ingesluit het, gereguleer.[435] Die *Sale of Goods Act*, 1979 het die koopreg gekodifiseer en nie bestaande regsbeginsels as sodanig verander nie.[436]

Artikel 1 van die *Sale of Goods Act*, 1893 stel dit duidelik dat hierdie Wet van toepassing is op kontrakte wat op of na 1 Januarie 1894 gesluit is.[437] Heelwat wysigings is vanaf 1954 tot 1977 aangebring, welke wysigings in die *Sale of Goods Act*, 1979 gekonsolideer is en wat ook die oorspronklike *Sale of Goods Act*, 1893 vervang het.[438] Die *Sale of Goods Act*, 1979 is, soos sy voorganger, op alle kooptransaksies van toepassing wat op of na 1 Januarie 1894 aangegaan is.[439] Waar die *Sale of Goods Act*, 1979 nie 'n situasie uitdruklik reguleer nie, is die gemenereg van toepassing.[440]

Kragtens Deel 1 van die *Consumer Protection Act*, 1987 is 'n Europese direktief (*EC Product Liability Directive 85/374/EEC*) oor produkte-aanspreeklikheid in die Verenigde Koninkryk geïmplementeer.[441] Voor die insluiting van voormelde Deel 1 in die *Consumer Protection Act*, 1987 is produkte-aanspreeklikheid deur statutêre waarborge in die *Sale of Goods Act*, 1979 beheer.[442]

---

[435] *Ibid.*
[436] *Ibid.*
[437] Lord Mackay para 6.
[438] *Ibid.*
[439] *Ibid.*
[440] Lötz & van der Nest 518-519.
[441] Lötz & van der Nest 519.
[442] *Ibid.*

© University of Pretoria

(b) Algemene bepalings van die *Sale of Goods Act*, 1979

Artikel 2(1) van die *Sale of Goods Act*, 1979 omskryf 'n koopkontrak as "a contract by which the seller transfers or agrees to transfer the property in goods to the buyer for money consideration, called the price".

Hierdie omskrywing van die koopkontrak in die Engelse reg stem in wese ooreen met die definisie vir die Suid-Afrikaanse gemeenregtelike koopkontrak.[443]

(c) Verkoop van goedere volgens beskrywing

Indien die Engelse reg van toepassing is op 'n kontrak, het die verskaffer, net soos in die Suid-Afrikaanse reg, 'n verpligting om te waarborg teen kwaliteit, geskiktheid en die beskrywing van die goedere.[444]

Artikel 13(1) van die *Sale of Goods Act*, 1979 bepaal dat waar die koop van goedere volgens beskrywing is, daar 'n stilswyende waarborg bestaan dat die goedere met die beskrywing ooreenstem.[445] Indien die koopsaak van die beskrywing daarvan in die koopkontrak verskil, het 'n verkoper geen verweer teen sodanige foutiewe omskrywing nie.[446]

Die Engelse reg erken dus nie skuldlose aanspreeklikheid in die koopreg nie, anders as artikel 61(1) van die Wet op Verbruikersbeskerming.[447]

---

[443] *Ibid.*
[444] Bridge M *The International Sale of Goods* 2de uitgawe 49. Hierdie verpligtinge is vervat in arts 13 & 14 van die *Sale of Goods Act*,1979.
[445] Art 13(1) se bewoording lui soos volg : "Where there is a contract for the sale of goods by description, there is an implied [term] that the goods will correspond with the description."
[446] Lötz & van der Nest 520. Hierdie regsreël is in die positiewe reg ten opsigte van skilderye, skepe, saad en voorraad toegepas.
[447] Sien para 7.3 vir 'n bespreking van hierdie skuldlose aanspreeklikheid. Sien ook para 7.6 vir uitsonderings op dié aanspreeklikheid.

© University of Pretoria

(d) Verkoop van goedere by wyse van monster

Artikel 15(1) van die *Sale of Goods Act,* 1979 bepaal dat indien ‘n koopkontrak ‘n uitdruklike of stilswyende beding bevat dat die koopsaak by wyse van monster[448] omskryf word, dit geag word dat:[449]

(a) die hele koopsaak met die monster ten opsigte van gehalte ooreenstem;

(b) die koper ‘n redelike geleentheid het om die koopsaak met die monster te vergelyk; en dat

(c) die koopsaak vry van enige gebreke is; met dien verstande dat ten spyte van ‘n deeglike ondersoek deur die koper, die gebrek steeds verborge is.

(e) Stilswyende bedinge: Kwaliteit en geskiktheid

Artikel 14(1) van die *Sale of Goods Act*, 1979 bepaal dat daar geen stilwyende bedinge of waarborge oor die kwaliteit of geskiktheid van enige koopsaak is nie, uitgesonder die statutêre waarborge in artikels 14 en 15 van die *Sale of Goods Act*, 1979 vervat.[450]

Artikel 14(2) bepaal in breë trekke dat waar ‘n verkoper in die gewone loop van besigheid goedere verkoop, daar stilswyend gewaarborg word dat die koopsaak van ‘n “merchantable quality” is.[451] Daar is drie gevalle kragtens artikel 14(2) waar die koper nie die verkoper kan aanspreek nie, naamlik waar die koper se aandag op ‘n gebrek gevestig is of waar die koper die koopsaak ondersoek, welke ondersoek die gebreke openbaar of redelikerwys moet openbaar, is die verkoper nie kragtens artikel 14(2)(a) aanspreeklik nie.[452]

[448] “Sale by Sample”.
[449] Lötz & van der Nest 520.
[450] Dobson P *Sale of Goods and Consumer Credit* 6de uitgawe 120.
[451] Dobson 121-122.
[452] Dobson 122-123.

© University of Pretoria

Artikel 14(3) bepaal dat waar ‘n koper uitdruklik of stilsyend aan ‘n verkoper meld dat die betrokke koopsaak vir ‘n spesifieke doel gebruik gaan word, ‘n stilswyende waarborg ontstaan dat die koopsaak geskik is vir daardie doel.[453]

Artikel 14(2B)(e) is ingevoeg in die *Sale of Goods Act*, 1979 en bepaal dat duursaamheid ook nou vereis word by die versweë waarborg van kwaliteit.[454] Hierdie beginsel is in lyn met artikel 55(2)(c) van die Wet op Verbruikersbeskerming.[455]

Die belang van artikel 14 van die *Sale of Goods Act*, 1979 vir die Suid-Afrikaanse reg is dat die beoogde statutêre waarborg analoog is aan die Suid-Afrikaanse *ex lege*[456] waarborg teen verborge gebreke in die koopsaak.[457]

(f) Remedies by kontrakbreuk

Deel VI[458] van die *Sale of Goods Act*, 1979 handel met die remedies wat vir die koper en verkoper in geval van kontrakbreuk beskikbaar is.

Die Engelse reg klassifiseer kontrakbreuk in 2 kategorieë.[459] Eerstens, daardie breuke van ‘n minder ernstige aard wat die onskuldige party slegs geregtig maak om skadevergoeding te eis en tweedens, meer ernstige breuke wat ook aan hom die bykomende opsie verleen om die kontrak te repudieer.[460] In die eerste geval moet die koper steeds presteer, maar in die tweede geval is hy vrygeskeld van dié verpligting.[461]

[453] Lord Mackay para 81.
[454] Naudé 340.
[455] Sien para 6.3.2.
[456] Sien para 5.3.1.
[457] Lötz & van der Nest 521.
[458] Arts 49-54.
[459] Dobson 109.
[460] *Ibid*.
[461] *Ibid*.

© University of Pretoria

Artikel 53 bepaal dat waar die verkoper waarborgbreuk pleeg, die koper nie die reg het om die koopsaak te repudieer nie.[462] Die koper het wel ‘n aksie vir prysvermindering teen die verkoper weens waarborgbreuk.[463] In die alternatief kan skadevergoeding geëis word.[464] Die omvang van die skadevergoeding wat geëis kan word kragtens artikel 50(2), is “the estimated loss directly and naturally resulting in the ordinary cousre of events, from the breach of warranty”.[465] Die doel hiermee is om die benadeelde party vir sy ware verlies te vergoed, net soos in die Suid-Afrikaanse gemenereg.[466]

(g) Gemeenregtelike doel van kontraktuele skadevergoeding

Gemeenregtelik is die doel vir die toekenning van kontraktuele skadevergoeding die beskerming van een of meer van die volgende belange van die benadeelde party:

(i) “Expectation interest”

In die geval ‘n “expectation interest” beskerm die reg die onskuldige kontraksparty se reg op die reëlmatig nakoming van die kontrak.[467] Hierdie is ook die vertrekpunt vir die vergoeding van kontraktuele skade, aangesien skadevergoeding juis ten doel het om die eiser in dieselfde posisie te plaas as waarin hy sou gewees het indien daar nie kontrakbreuk was nie.[468]

[462] Lötz & van der Nest 521.
[463] Art 53(1)(a).
[464] Art 53(1)(b).
[465] Lötz & van der Nest 522.
[466] *Ibid*.
[467] Pearce D & Halson R *Damages for Breach of Contract: Compensation, Restitution and Vindication* 2007 OJLS 1-30 op 5.
[468] *Ibid*.

© University of Pretoria

(ii) "Reliance interest"

"Reliance interest" beskerm die benadeelde party teen verspilde koste wat weens die nie-uitvoering van die kontrak ontstaan.[469] Dus word negatiewe interesse vir kontrakbreuk erken.[470]

(iii) "Restitutionary interest"

"Restitutionary interest" kom ter sprake waar 'n kontraksparty onregverdig verryk word weens sy eie kontrakbreuk.[471] Sodanige party word gewoonlik beveel om die bedrag waarmee hy onregverdig verryk is, aan die benadeelde party oor te betaal.[472] Daar is egter nie eenstemmigheid in die Engelse reg of "restitutionary damages" as skade geklassifiseer kan word nie.[473]

(h) Quantum

Die *quantum* skade wat geëis kan word, is die geskatte verlies wat direk en natuurlikerwys uit die waarborgbreuk vloei.[474] In die gevalle waar waarborgbreuk die kwaliteit van die koopsaak raak, is die verlies *prima facie* die verskil tussen die waarde van die koopsaak by lewering, in vergelyking met die waarde wat die koopsaak sou gehad het indien die waarborg nagekom is.[475]

[469] Lötz & van der Nest 523.
[470] *Ibid.*
[471] *Ibid.*
[472] *Ibid.*
[473] Sien Pearce & Halson 1-30.
[474] Art 53(2).
[475] Art 53(3).

© University of Pretoria

Die doel van skadevergoeding bly om ‘n benadeelde slegs vir suiwer ekonomiese verlies te vergoed.[476] Gevolglik is “punitive damages” nie in geval van kontrakbreuk beskikbaar nie, maar wel op grond van ‘n deliktuele eis.[477]

Artikel 53(4) van die *Sale of Goods*, 1979 bepaal dat ‘n verkoper prysvermindering en toekomstige skade op grond van waarborgbreuk kan eis.

Die statutêre remedies kragtens die *Sale of Goods Act*, 1979 stem in breë trekke ooreen met die gemeenregtelike regsreëls rakende die skadevergoedingreg.[478] Kortom gestel is die bedrag wat as skadevergoeding toegekon word, dié bedrag wat die eiser in vermoënsregtelike posisie plaas waarin hy sou gewees het indien die kontrak reëlmatig nagekom is.[479]

Die Engelse reg erken ook gevolgskade.[480] Om te bepaal of skadevergoeding vir kontrakbreuk verhaalbaar is, word die algemene beginsel in *Hadley v Baxendale*[481] toegepas.[482] *In casu* is beslis dat die benadeelde kontraksparty op skadevergoeding geregtig is wat op ‘n natuurlike wyse uit die kontrakbreuk voortvloei of wat redelikerwys ten tye van kontraksluiting voorsien is.[483]

[476] Lötz & van der Nest 523.
[477] *Ibid.*
[478] Lötz & van der Nest 524.
[479] *Ibid.*
[480] Gevolgskade is in die Engelse reg: “a chameleon phrase in the law of contract. It may mean simply loss of profits and refer solely to the innocent party’s expectation interest. It may, however, also encompass forms of loss which are not readily explicable as either expectation or reliance losses. An example is the contamination of a carrier’s vessel by a shipment consigned in breach of the warranty that goods delivered for carriage are fit to be carried”.
[481] (1854) 9 Exch 341.
[482] Lötz & van der Nest 524.
[483] *Ibid.*

© University of Pretoria

8.2.2.2 *Consumer Protection Act*, 1987[484]

(a) Algemeen

Deel I van die *Consumer Protection Act*, 1987 het die *Product Liability Directive* (85/374/EEC) geïmplementeer en verleen aan die verbruiker die reg om 'n eis in te stel teen die verkoper al was hy nie self die koper nie.[485] Verder hoef die verbruiker nie te bewys dat die verweerder (gewoonlik die vervaardiger) nalatig was nie.[486]

(b) Definisie van defek

'n Produk is defektief "if the safety of the product is not such as persons generally are entitled to expect".[487] Veiligheid sluit die gevalle in waar daar 'n risiko bestaan vir skade aan eiendom, besering van 'n persoon of dood van 'n persoon.[488]

Artikel 3(2) van die *Consumer Protection Act*, 1987 bepaal dat al die omstandighede in ag geneem moet word om te bepaal of die produk defektief is al dan nie, insluitende:[489]

> "(a) the manner in which, and purposes for which, the product has been marketed, its get-up, the use of any mark in relation to the product and any instruction for, or warnings with respect to, doing or refraining from doing anything with or in relation to the product;
>
> (b) what might be reasonably expected to be done with or in relation to the product; and
>
> (c) the time when the product was supplied by its producer to another;
>
> and nothing in this section shall require a defect to be inferred from the fact alone that the safety of a product which is supplied after that time is greater than the safety of the product in question".

Hierdie toets is vergelykbaar met dié vervat in artikel 53 van die Wet op Verbruikersbeskerming.[490]

---

[484] 1987.
[485] Dobson 147.
[486] *Ibid.*
[487] Dobson 148; Sien para 6.3.1 vir die definisie van "defek" kragtens die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008.
[488] *Ibid.*
[489] *Ibid.*

© University of Pretoria

(c) Aanspreeklikheid kragtens die *Consumer Protection Act*, 1987

Aanspreeklikheid kragtens die *Consumer Protection Act*, 1987 is, soos in die geval van die *Sale of Goods Act*, 1979 skuldloos.[491] Die *Consumer Protection Act*, 1979 het geen invloed op die *Sale of Goods Act*,1979 of die gemeenregtelike aksie ingevolge die "tort of negligence" nie.[492] Weens die feit dat die *Consumer Protection Act*, 1987 nie 'n impak op die *Sale of Goods Act*, 1979 het nie, het dit ook geen impak op die bestaande remedies nie.[493] Die bestaande aksies onder die *Sale of Goods Act*, 1979 en die "tort of negligence" is voldoende om aanspreeklikheid vir die verkoop van gebrekkige goedere te dek.[494]

8.2.3 Gemeenregtelike aksie vir deliktuele skadevergoeding

'n Deliktuele eisoorsaak erken 'n verhaalsreg vir skadevergoeding op grond van enige fisiese besering of saakbeskadiging wat deur 'n nalatige verbreking van 'n regsplig veroorsaak is.[495] In *Donoghue v Stevenson*[496] erken die hof die beginsel dat vervaardigers en diensverskaffers 'n regsplig het om met sorg op te tree.[497] Hierdie beslissing was 'n belangrike oomblik vir regsontwikkeling.[498] Desnieteenstaande is suiwer ekonomiese skade, as gevolg van gebrekkige goedere, nie in die Engelse reg op grond van die "tort of negligence" verhaalbaar nie en moet daar op kontraktuele remedies gesteun word.[499]

---

[490] Naudé 339.
[491] Lötz & van der Nest 525.
[492] *Ibid*.
[493] *Ibid*.
[494] *Ibid*.
[495] Lötz & van der Nest 524-525.
[496] 1932 AC 562.
[497] Rogers WH *Winfield & Jolowicz Tort* 18de uitgawe 489-490.
[498] Dobson 145.
[499] Lötz & van der Nest 525.

© University of Pretoria

8.3. Gevolgtrekking

Uit die bespreking hierbo is dit duidelik dat daar wel baie meer ooreenkomste as verskille tussen die Suid-Afrikaanse reg is en die Engelse reg.

Die *Sale of Goods Act*,1979 het die Engelse koopreg gekodifiseer en nie bestaande regsbeginsels as sodanig verander nie.[500] Waar die *Sale of Goods Act*,1979 nie ‘n situasie uitdruklik reguleer nie, is die gemenereg van toepassing.[501]

Indien die Engelse reg van toepassing is op ‘n kontrak, het die verskaffer, net soos in die Suid-Afrikaanse reg, ‘n verpligting om te waarborg teen kwaliteit, geskiktheid en die beskrywing van die goedere.[502] Artikel 13(1) van die *Sale of Goods* Act, 1979 bepaal dat waar die koop van goedere volgens beskrywing is, daar ‘n stilswyende waarborg bestaan dat die goedere met die beskrywing ooreenstem en indien die goedere nie volgens beskrywing is nie, het die verkoper geen verweer teen sodanige foutiewe beskrywing nie.[503] Die Engelse reg erken nie skuldlose aanspreeklikheid in die koopreg nie, anders as artikel 61(1) van die Wet op Verbruikersbeskerming, aangesien die verbruiker ‘n verweer het.[504]

Artikel 14(1) van die *Sale of Goods Act*, 1979 bepaal dat daar geen stilwyende bedinge of waarborge oor die kwaliteit of geskiktheid van enige koopsaak is nie, uitgesonder die statutêre waarborge in artikels 14 en 15 van die *Sale of Goods Act*, 1979 vervat.[505] Artikel 14(2) bepaal in breë trekke dat waar ‘n verkoper in die gewone loop van besigheid goedere verkoop, daar stilswyend gewaarborg word dat die koopsaak van ‘n “merchantable quality”

[500] Para 8.2.2.1(a).
[501] Para 8.2.2.1(a).
[502] Para 8.2.2.1(c).
[503] Para 8.2.2.1(c).
[504] Para 8.2.2.1(c).
[505] Para 8.2.2.1(e).

© University of Pretoria

is.[506] Daar is drie gevalle kragtens artikel 14(2) waar die koper nie die verkoper kan aanspreek nie.[507] Artikel 14(3) bepaal dat waar 'n koper uitdruklik of stilsyend aan 'n verkoper meld dat die betrokke koopsaak vir 'n spesifieke doel gebruik gaan word, 'n stilswyende waarborg ontstaan dat die koopsaak geskik is vir daardie doel.[508] Artikel 14(2B)(e) en bepaal dat duursaamheid ook vereis word by die versweë waarborg van kwaliteit.[509] Artikel 14 van die *Sale of Goods Act*, 1979 blyk dus analoog te wees met artikel 55(2) van die Wet op Verbruikersbeskerming.[510]

Die Engelse reg erken ook, net soos in die geval van die Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008, kontraktuele skadevergoeding.[511]

'n Produk is defektief "if the safety of the product is not such as persons generally are entitled to expect", kragtens die Engelse reg.[512] Artikel 3(2) van die *Consumer Protection Act*, 1987 bepaal dat al die omstandighede in ag geneem moet word om te bepaal of die produk defektief is.[513] Die toets vervat in artikel 3(2) van die *Consumer Protection Act*, 1987 is vergelykbaar met dié van artikel 53 van die Wet op Verbruikersbeskerming. Aanspreeklikheid kragtens die *Consumer Protection Act*, 1987 is, soos in die geval van die *Sale of Goods Act*, 1979 skuldloos.[514]

[506] Para 8.2.2.1(e).
[507] Sien para 8.2.2.1(e) vir die uitsonderings.
[508] Para 8.2.2.1(e).
[509] Para 8.2.2.1(e).
[510] Sien para 6.3.2.
[511] Sien para 7.3 en 8.2.2.1(g).
[512] Para 8.2.2.2(b).
[513] Para 8.2.2.2(b).
[514] Para 8.2.2.2(c).

© University of Pretoria

Interessant genoeg is daar geen ekwivalent van artikel 55(6)[515] in die *EC Consumer Sales Directive* (99/44/EC) nie.[516] Die verbruiker mag die verskaffer nie aanspreek indien hy redelik bewus was die gebrek om aan die vereistes te voldoen nie.[517]

Die bepalings van artikel 55 en 56 van die Wet op Verbruikersbeskerming bied blykbaar meer beskerming aan die verbruiker as die *EC Consumer Sales Directive* (99/44/EC).[518]

[515] Sien para 6.4.
[516] Naudé 345.
[517] *Ibid*.
[518] Naudé 351.

© University of Pretoria

HOOFSTUK 9:

GEVOLGTREKKING

Die Suid-Afrikaanse reg is op die Romeins-Hollandse reg gefundeer.[519] Ingevolge die gemenereg het die verkoper hoofsaaklik vier verpligtinge, naamlik om die koopsaak te bewaar, eiendomsreg te verskaf en om te waarborg teen uitwinning en verborge gebreke.[520] Die aksies verleen deur die *curule aediles* was slegs van toepassing waar die gebrek nie met die blote oog sigbaar was nie ofskoon die verkoper bewus was van die gebrek of nie.[521] Die gebrek moet nie onbenullig wees nie en dit is vereis dat die gebrek die bruikbaarheid en nuttigheid van die saak moet aantas.[522] Die koper kon blykbaar kies tussen die *actio redhibitoria* en *actio quanti minoris* in die Romeinse reg, maar is weens die verjaringstydperk van onderskeidelik ses en twaalf maande beperk.[523]

Hierdie algemene beginsels is net so in die Suid-Afrikaanse reg opgeneem en dit was die taak van die howe om hierdie beginsels uit te brei en in lyn met die hedendaagse reg te bring. Uit die regspraak bespreek in hoofstuk 4 blyk dit dat daar aan statutêre vereistes voldoen moet word in sekere gevalle. Die gemenereg kon nie voorsien dat wetgewing ingestel sal word om die moderne praktyke te reguleer nie, en dus lê die taak by die howe om die gemenereg uit te brei, om dit in lyn te bring met die hedendaagse uitdagings.

Die ontwikkeling van die waarborg teen verborge gebreke blyk duidelik dat nie-voldoening aan statutêre vereistes, byvoorbeeld die afwesigheid van goedgekeurde bouplanne wat

[519] Sien para 3.1.
[520] Sien para 3.1.
[521] Sien para 3.2.1.2.
[522] Sien para 3.2.1.2.
[523] Sien para 3.2.1.3 (iii).

© University of Pretoria

inderdaad ‘n gebrek in die koopsaak daarstel,[524] nie onder die kam van ‘n waarborg teen verborge gebreke geskeer word nie.[525]

Die verkoper is aanspreeklik teenoor die koper indien die koopsaak anders is as wat hy gewaarborg het. Hy is ook aanspreeklik indien ‘n verborge gebrek homself openbaar, hetsy die verkoper die afwesigheid daarvan gewaarborg het of geen kennis gedra het van die verborge gebrek nie.[526] Die koper het in die algemeen die *actio empti*, en *actio redhibitoria* en *actio quanti minoris* tot sy beskikking.[527] Die verwere beskikbaar tot die verkoper is die *exceptio redhibitoria* en die *exceptio quanti minoris*.[528]

Die Wet op Verbruikersbeskerming 68 van 2008 het op 31 Maart 2011 ten volle in werking getree.[529] Die Wet het merkbare veranderinge teweeg gebring.[530] Hoofstuk 2 Deel H van die Wet beskerm die verbruiker se reg op billike waarde, goeie gehalte en veiligheid.[531]

Die Wet is, breedweg gesproke, van toepassing op iedere transaksie waar goedere of dienste aan bepaalde verskaffers bemark of verskaf word deur ‘n verskaffer wat optree in die gewone loop van sy besigheid in Suid-Afrika.[532]

‘n Gebrek word gedefinieer in die Wet as óf ‘n wesenlike tekortkoming wat in die vervaardiging van ‘n saak ingesluip het en wat die saak minder aanvaarbaar maak, óf ‘n eienskap wat die saak minder bruikbaar, prakties of veilig maak.[533] In albei gevalle is die toets of ‘n persoon in die omstandighede oor die algemeen redelikerwys meer kon verwag het

[524] Sien *Van Nieuwkerk v McCrae*; para 4.2.3.
[525] Sien para 4.2.1-4.2.6.
[526] Sien para 5.1.
[527] Sien para 5.3.
[528] Sien para 5.4.
[529] Sien para 1.1.
[530] Sien para 6.1.
[531] Para 6.1.
[532] Para 6.2.
[533] Para 6.3.1.

© University of Pretoria

van die saak.[534] Artikel 55 van die Wet reël 'n verbruiker se reg tot veilige en goeie-kwaliteit sake.[535] Artikel 55(2) sit die standaarde of vereistes uiteen waaraan goedere wat verkoop word moet voldoen.[536] Artikel 55(2) en (3) bepaal dat alle goedere redelikerwys geskik moet wees vir die doel waarvoor dit in die algemeen bedoel is.[537]

Kragtens artikel 55(5)(a) is dit irrelevant of die gebrek latent of patent is, en of die verbruiker die defek kon bespeur voor lewering van die goedere.[538] Hierdie bepaling is duidelik verwyderd van die gemeenregtelike reëls van toepassing op die aediliese aksies, wat vereis dat die gebrek latent is. Die voorgestelde *EC Consumer Rights Directive* vereis ook nie dat die gebrek latent moet wees nie, maar bepaal dat "there shall be no lack of conformity for the purposes of this Article if, at the time the contract was concluded, the consumer was aware, or should reasonably have been aware of, the lack of conformity." Afhangende van die omstandighede, indien die defek bespeur kon word, kan die verkoper kragtens die direktief volhou dat die verbruiker nie enige klagtes mag maak ten opsigte van die gebrek nie aangesien hy daarvan bewus moes gewees het.[539] Die Wet verleen nie aan die verskaffer hierdie verweer nie.[540] Artikel 55(6) verlig egter die verskaffer se aanspreeklikheid waar hy aan die verbruiker uitdruklik gestipuleer het dat hy die goedere aan hom lewer in 'n spesifieke toestand.[541]

Artikel 55 se bepalings word deur artikel 56 versterk deurdat die regte wat in artikel 55 vervat is 'n *ex lege* waarborg daarstel.[542]

---

[534] *Ibid.*
[535] Para 6.3.2.
[536] Para 6.3.2.
[537] Para 6.3.2.
[538] Para 6.3.2.
[539] Naudé 342.
[540] *Ibid.*
[541] *Ibid.*
[542] Para 6.3.3.

© University of Pretoria

Die voortbestaan van die voetstootsklousule hang grootliks van die interpretasie van artikel 55(6) af.[543] Artikel 55(6) maak dit duidelik dat die verkoper uitdruklik moet uitwys in watter toestand die saak is, en baie spesifiek moet wees in hierdie verband, indien hy aanspreeklikheid wil ontkom wat betref die kwaliteit en geskiktheid van die saak.[544] Die argument vir en teen die behoud is uiteengesit in 6.4.1 en 6.4.2. Interessant genoeg is daar geen ekwivalent van artikel 55(6)[545] in die *EC Consumer Sales Directive* (99/44/EC) nie.[546] Die verbruiker mag die verskaffer nie aanspreek indien hy redelik bewus was die gebrek om aan die vereistes te voldoen nie.[547]

Uit die bespreking in hoofstuk 6 is dit duidelik dat die Wet verreikende gevolge mag bring en dit is dan die taak van die howe om die Wet te interpreteer dat regsekerheid geskied.

Artikel 56(2) bepaal dat indien die goedere nie aan die vereistes en standaarde soos vereis in artikel 55(2) voldoen nie, mag ‘n verbruiker die goedere binne ses maande na lewering daarvan sonder die betaling van enige boetes op die verskaffer se risiko en koste aan hom of haar teruggee.[548] Die verskaffer het dan die keuse, indien hy die goedere teruggee, om teruggawe van die koopprys te eis of om die gebrekkige goedere te vervang of herstel.[549] Indien die verskaffer die goedere onsuksesvol herstel het moet hy binne drie maande na sodanige herstel die goedere vervang of die koopprys terugbetaal.[550] Naudé[551] is van mening om die ses maande tydperk in te stel in afwesigheid van ‘n langer waarborg beteken dat die reg op bruikbare en duursame produkte glad nie effektief is nie. Artikel 4 van die Wet verleen aan howe en die Nasionale Verbruikers Tribunaal (NVT) die reg om gepaste bevele te maak

[543] Para 6.4.
[544] Para 6.4.
[545] Sien para 6.4.
[546] Naudé 345.
[547] *Ibid.*
[548] Para 7.2.
[549] Para 7.2.
[550] Para 7.2.
[551] 347.

© University of Pretoria

om praktiese uitvoering aan die verbruiker se reg op toegang tot herstel, met inbegrip van, maar nie beperk nie tot 'n bevel in die Wet bepaal en 'n *innoverende*[552] bevel wat die verwesenliking van verbruikers se regte ingevolge hierdie Wet beter verhoog, beskerm, bevorder en verseker. Verder bepaal artikel 4(2)(a) van die Wet dat die NVT en die howe die gemenereg moet ontwikkel om die verwesenliking en genieting van verbruikersregte in die algemeen te verbeter, 'n Hof mag dus moontlik 'n remedie aan die verbruiker verleen waar hy redelik kon verwag het dat die goedere bruikbaar en duursaam is vir meer as ses maande en daarna gebreek het.[553] Die howe kan dan 'n nuwe remedie ontwikkel gebaseer op die gemeenregtelike remedie. Naudé stel voor dat die howe hierdie deel van die Wet moet herfomuleer na behoorlike oorweging van internasionale modelle en nadat 'n studie onderneem is om die impak van hierdie bepaling te bepaal.[554] Indien die wetgewer bedoel het om 'n reg op duursaamheid bruikbaarheid te skep vir 'n redelike periode, moes hy met meer omsigtigheid die remedies wat beskikbaar is, in gedagte gehou het.[555] Die ses maande periode het moontlik sy oorsprong gevind in die *EC Consumer Sales Directive* en ook die reg om te kies tussen die herstel, vervanging of teruggawe van die goedere.[556] Kragtens die *EC Proposal for a Directive on Consumer Rights*[557] sal die verbruiker nie die keuse hê om die goedere te herstel of vervang nie, maar het die verskaffer die keuse.[558] Die *UK Law Commissions* stel voor dat die verbruiker geregtig moet wees op 'n omgekeerde bewyslas dat die gebreke wat binne ses maande kop uitsteek aanwesig moes gewees het met lewering van die koopsaak.[559] Myns insiens is hierdie die benadering wat gevolg moet word.

---

[552] My onderstreping.
[553] Naudé 347.
[554] *Ibid.*
[555] *Ibid.*
[556] Naudé 348.
[557] Hierdie direktief is gepubliseer op 8 Oktober 2008.
[558] Naudé 348.
[559] Naudé 350.

© University of Pretoria

Artikel 61 van die Wet dek ‘n verskeidenheid van aangeleenthede.[560] Artikel 61(1) bepaal dat die vervaardiger of invoerder, verspreider of handelaar aanspreeklik is vir enige skade wat veroorsaak is deur ‘n gebrek in die saak.[561] Aanspreeklikheid volg ongeag of daar enige nalatigheid aan die kant van die vervaardiger, invoerder, verspreider en handelaar was.[562] Skade waarvoor ‘n persoon aanpreeklik gehou kan word, sluit in die dood, siekte of besering van of aan ‘n natuurlike persoon, die verlies van of fisiese skade aan enige eiendom en enige ekonomiese verlies wat uit voormelde skade voortvloei.[563]

Dit blyk dat die gemeenregtelike remedies steeds tot die verbruiker se beskikking sal wees.[564]

Dit is ‘n verweer indien ‘n verbruiker uitdruklik van die spesifieke toestand van die goedere ingelig is en hy of sy uitdruiklik toegestem het om die goedere in daardie toestand te aanvaar, of wetend op ‘n wyse opgetree het wat bestaanbaar is met die aanvaarding van die goedere in daardie toestand.[565]

Artikel 61(4) bevat ‘n hele rits uitsonderings op die algemene, skuldlose aanspreeklikheid kragtens artikel 61(1). Sien 7.6 vir die uitsonderings.

Dit wil dus blyk dat die verskaffer meer beskerming geniet na die inwerktreding van die Wet aangesien hy nou geregtig is op die wetteregtelike remedies en die gemeenregtelike remedies.

Uit die studie blyk dit dat die verskaffer ná die inwerktreding van die Wet ‘n swaarder las op sy skouers dra om die verbruiker se belange te beskerm.

[560] Para 7.3.
[561] Para 7.3.
[562] Para 7.3.
[563] Para 7.3.
[564] Para 7.4.
[565] Para 7.5.

© University of Pretoria

Artikel 55 en 56 van die Wet skep ‘n magdom interpretasie probleme wat deur die wetgewer reg gestel moet word. Hierdie artikels van die Wet verleen ook meer beskerming aan die verbruikers as die minimum standaarde soos voorgeskryf deur die *EC Consumer Sales Directive* en die reëls voorgestel deur die *UK Law Commissions* ten opsigte van die reg op duursaamheid en die verbruiker se reg om te kies tussen die verskillende remedies verleen vir ses maande. Die laasgenoemde reg is in guns van die verbruiker en sal die verskaffer onregverdiglik benadeel.

In die tyd wat volg na inwerktreding van die Wet, sal die howe, besighede en ander persone aandring dat artikels 55 en 56 van die Wet gewysig word.[566]

Die verskaffer moet tot dan geduldig wag dat die gety weer in sy guns sal draai.

[566] Naudé 351.

© University of Pretoria

BIBLIOGRAFIE

1. HANDBOEKE

Borkowski A *A Textbook on Roman Law* Tweede Uitgawe

Bridge M *The International Sale of Goods* Tweede uitgawe

Buckland WW (Revised by Stein P) *A Text-Book of Roman Law: From Augustus To Justinian* Derde Uitgawe

Christie RH et al *Christie's The Law of Contract in South Africa* Sesde Uitgawe

Daube D (Editor) *Studies in the Roman Law of sale* Oxford 1959

De Wet JC et al *Die Suid-Afrikaanse Kontraktereg en Handelsreg* Vierde Uitgawe

Dobson P *Sale of Goods and Consumer Credit* Sesde uitgawe

Du Plessis P *Borkowski's Textbook on Roman Law* Vierde Uitgawe

Hackwill MA *MacKeurtan's Sale of Goods in South Africa* Vyfde Uitgawe

Jolowicz HF *Roman Foundations of Modern Law* 1978

Joubert WA et al *The Law of South Africa* Tweede Uitgawe Volume 24

Joubert WA et al *The Law of South Africa* Tweede Uitgawe Volume 14 Deel 2

Kahn E et al *Principles of the Law of Sale and Lease* Juta 1998

Kerr AJ *The Principles of the Law of Contract* Sesde Uitgawe

Lord Mackay of Clashfern (Ed) *Halsbury's Laws of England* Vyfde uitgawe Volume 91

Lötz DJ en Nagel CJ *Specific Contracts in Court* Derde Uitgawe

© University of Pretoria

Melville N *Consumer Protection Act Made Easy* 2010

Mostert DF et al *Die Koopkontrak* Butterworths 1972

Manfred N *The Common Law of South Africa* Tweede Uitgawe Volume II

Nagel et al *Kommersiële Reg* 4de uitgawe

Rogers WH *Winfield & Jolowicz Tort* Agtiende uitgawe

Sharrock R *Business Transaction Law* Agste Uitgawe

Thomas PHJ et al *Historical Foundations of South African Private Law* Tweede Uitgawe

Van Eeden E *A Guide to the Consumer Protection Act* 2009 LexisNexis

Visser C et al *South African Mercantile and Company Law* Agste Uitgawe

Watson A *The Digest of Justinian* Volume 1

Zimmermann R *The Law of Obligations Roman Foundations of the Civilian Tradition* Juta 1990

Zulman RH et al *Norman's Law of Purchase and Sale in South Africa* Vyfde Uitgawe

2. WETGEWING & DIREKTIEWE

Consumer Protection Act, 1987

EC Consumer Sales Directive (99/44/EC)

EC Proposal for a Directive on Consumer Rights (Gepubliseer op 8 Oktober 2008)

Product Liability Directive (85/374/EEC)

Sale of Goods Act, 1979

© University of Pretoria

Wet op Verbruikersbeskerming, 68 van 2008

3. REGSPRAAK

Davenport Corner Tea Room (Pty) Ltd v Joubert 1962 SA 709 (D)

De Vries v Wholesale Cars 1986 (2) SA 22 (O)

Die Trust Bank van Afrika Bpk v Bekker 1961 (3) SA 236 (T)

Freddy Hirsch Group (Pty) Ltd v Chickenland (Pty) Ltd 2011 (4) SA 276 (HHA)

Grosvenor Motors (Border) Ltd v Visser 1971 (3) SA 213 (E)

Hadley v Baxendale (1854) 9 Exch 341

Holmdene Brickworks (Pty) Ltd v Roberts Construction Co Ltd 1977 (3) SA 670 (A)

Knight v Hemming 1959 (1) SA 288 (FC)

McDaid v De Villiers 1942 CPD 220

Odendaal v Ferraris 2009 (4) SA 313 (SCA)

Ornelas v Andrew's Café and Another 1980 (1) SA 378 (W)

Phame (Pty) Ltd v Paizes 1973 (3) SA 397 (A)

Seboko v Soll 1949 (3) SA 337 (T)

Truman v Leonard 1994 (4) SA 371 (SE)

Van der Merwe v Meades 1991 (2) SA 1 (A)

Van Nieuwkerk v McCrae 2007 (5) SA 21 (WLD)

Wastie v Security Motors (Pty) Ltd 1972 (2) SA 129 (C)

© University of Pretoria

4. JOERNALE

Barnard J *The influence of the Consumer Protection Act 68 of 2008 on the warranty against latent defects, voetstoots clauses and liability for damages* 2012 De Jure 455-484

Bodenstein HDJ *A Few Aspects of the Actio Emti and the Aedilitian Actions* 1914 SALJ 18-31; 152-159; 274-286; 393-405; 1915 SALJ 34-52

Coetzee A en Morrissey C *Does this mean voetsek voetstoots?* May 2010 Without Prejudice 12-13

Du Preez ML *The Consumer Protection Bill: A few preliminary comments* 2009 TSAR 58-83

Jacobs W, Stoop P & van Niekerk R *Fundamental Consumer Rights Under the Consumer Protection Act 68 of 2008: A Critical Overview and Analysis* 2010 PELJ 302-508

Lötz DJ *Annual Survey of South African Law* 2010

Lötz DJ *Die koopkontrak: 'n Historiese terugblik (Deel 1)* 1991 2 De Jure 217-231

Lötz DJ *Die koopkontrak: 'n Historiese terugblik (Deel 2)* 1992 1 De Jure 143-165

Lötz DJ & van der Nest D *Aanspreeklikheid vir verborge gebreke in die Engelse en Kanadese reg* 2001 De Jure 515-548

Naudé T *The Consumer's Right to Safe, Good Quality Goods and the Implied Warranty of Quality Under Sections 55 and 56 of the Consumer Protection Act 68 of 2008* 2011 SA Merc LJ 336-351

Otto JM *Koop van 'n saak vir sy normale of vir 'n bepaalde doel. En die een en ander oor winkeldochters* 2013 TSAR 1- 20

© University of Pretoria

Otto JM *Verborge gebreke, voetstootsverkope, die Consumer Protection Act en die National Credit Act* 2011 THRHR 74 525-545

Pearce D & Halson R *Damages for Breach of Contract: Compensation, Restitution and Vindication* 2007 OJLS 1-30

5. INTERNET

www.vra.co.za (Besoek op 21 Julie 2013)

© University of Pretoria